GRATIS

# SENWES Scenario

OKTOBER • NOVEMBER 2017



## KOLLIG: BOETA VAN WYK

## PLANTTYD IS HIER

Bultfontein Boertjiefees

Vrystaat Landbou en Agri Noordwes kongresse

Fokusgroepe help met tydskrifnavorsing

Senwes-produsente deel in AgriRewards se voordele

FOKUS OP SCHWEIZER-RENEKE



**JCB FINANCE**

**Teleskopiese laaiers**

## *SPESIALE JCB AANBOD

**♦ JCB 3CX ♦ JCB 4CX ♦ Teleskopiese laaiers**

### FINANSIERINGSOPSIE A

- 10% depositobydrae deur JCB Finansiering
- 10% depositobydrae deur kliënt
- PRIMA +0,5% koers gekoppel
- 4 jaarlikse paaiemente



### FINANSIERINGSOPSIE B

- PRIMA -4.5% gekoppel
- 4 jaarlikse paaiemente
- 20% deposito

**JCB 4CX Laaigraaftrekker**

***Spesiale aanbod geldig tot 31 Desember 2017**

Vir enige navrae of demonstrasies, kontak gerus u naaste Senwes Equipment heelwerktuigbemarker.

**BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD.**

Verdere navrae kan ook gerig word aan: Antoon Smalberger, Bestuurder JCB en Landbou-implemente (082 806 4844)
Phillip Nel: Streekbemarker JCB Landbou-implemente (083 451 3947)

Senwes equipment

**TOLVRY: 080 941 4011 | www.senwes.co.za | www.senwes.mobi**










# INHOUD • CONTENTS


### REDAKTEURSBRIEF

2 To begin

### ALGEMEEN

3 Spotprent: Pieter & Tshepo

3 Oraloor gehoor

### HOOFARTIKEL

4 All roads lead to Bultfontein for the Boertjiefees

### AREAFOKUS

6 Al S(ch)waaiend en reënend na Schweizer-Reneke

### KOLLIG

10 Johan van Wyk: Almal se Boeta

### NUUS

23 Senwes produsente deel in die voordele van AgriRewards

26 Wenners gekroon by 2017 Vrystaat Landbou Jaarkongres

28 Agri NW Kongres 2017: Senwes was daar

28 Wen 'n T20-krieketervaring by Senwes Park

30 SAMTA: Die tuiste van modeltrekkers in SA

32 Reënvalvooruitsigte vir die volgende maande

40 Fokusgroepe besoek as deel van navorsing

48 KHS besoek Senwes

### HANDELSNUUS

14 Planttyd is hier

16 Agri Drainage: Volledige waterbestuurspesialiste

18 Verhoog mielieverdienste deur plaasvoerkraal

20 Vir Johan Vosloo is afstand net 'n getal

21 'n Groen produsent met 'n sonkragwaterpomp

22 Marietjie Grobler: Van die weste, vir die geweste

24 Jaco Vosloo: agtermekaar werkende voorman

34 Finansiële beplanning vir bejaardes

36 Glifosaat: Aanwysings moet noukeurig gevolg word

39 Ken jou Certisure Makelaar

52 Fair procedures to follow before you can dismiss an employee

### RUBRIEKE

38 Safex Scenario's met Susari

41 'n Boer maak 'n plan

42 Graanmarkvooruitsigte

46 Druppels op die dak

49 Kolskoot

50 Future focus

53 Kos vir die siel

55 Tuinwenke

### KOMPETISIES

56 Wen 'n kopie van *Hoop wat kaalvoet loop*

### VROUE

56 Milanie Vosloo


Maak seker jy ontvang die eScenario e-nuusbrief elke tweede maand vir relevante maatskappy- en bedryfsnuus. **Teken in by *www.senwes.co.za*.**




## OP DIE **VOORBLAD**

DIE UNIEKE NOORDWES dorpie Schweizer-Reneke is in hierdie uitgawe van die *Senwes Scenario* die fokus. Op die voorblad pryk 'n Senwes produsent, Johan, oftewel Boeta van Wyk, by sy plaas Klipfontein in hierdie distrik. In Kollig lees ons meer oor die bedrywighede op sy plaas en sy steunpilare.

Dié wêreld is ook Senwes-gebied en het volgens inwoners orals 'n bietjie van Noordwes, Vrystaat en Noord-Kaap te bespeur. Boeta beskryf immers sy deel, wat in die Bloemhof rigting van die dorp geleë is, as "waar die Karoo en Kalahari bymekaar kom."

*Senwes Scenario* het by Senwes Equipment en die Hinterlandtak gaan inloer en met takbestuurder Waldo Venter gesels. En in Areafokus kyk ons na van die interessanthede op die dorp, soos waar die dorp se naam vandaan kom en die stories oor Krugermiljoene.

http://fwd2.co/ScenarioApple

http://fwd2.co/ScenarioGoogle

Lees die Senwes Scenario aanlyn in Afrikaans en Engels by www.scenario.co.za of laai die Scenario toepassing af. 'Like' ons Facebook-blad by facebook.com/ReadScenario en volg ons op Twitter by @ReadScenario

# Letter from the editor



# To begin

THE WORD *BEGIN* MAY BE A VERY SHORT WORD, BUT IT IS VERY EFFECTIVE AND HAS AN ARRAY OF MEANINGS. THE AGRICULTURE SECTOR IS AT SUCH A POINT WHERE WE MUST NOW BEGIN TO PREPARE FOR THE NEXT SEASON.

In the most recent times our sector received a lot of praise since it kept the economy afloat, and it is indeed about time that it is recognised as a major role player.

It was Plato who uttered the words, "The beginning is the most important part of the work." And for me this is where we get it right. Begin is summed up as the first, or indeed, earliest part of an action. If we define the word even more, it can be described as the time when something comes into existence or arises from something.

The word comes from the Middle English term *beginnen* which means "to begin". It's true meaning is actually more defined when we look at the Welsh term "genni" which loosely translated means to delve or submerge oneself into something. To get one's teeth into a project, so to speak. The Latin translation is prehendō, and it means to get a real grasp or nab on it.

In the agricultural sector we are beginning, in a certain sense, to focus on the next part of the season. Here Agronomist Gerrit Oosthuizen's column talks about the time for planting. Senwes also took the lead as main sponsor of the 2017 Bultfontein Boertjiefees, writing the next chapter of this festival after the organisers had to cancel it in 2016 due to the severe drought leading up to the event.

We also welcome Agricultural Services, with Johan du Toit writing the first of many articles. The area focus we started in 2015 led us to the Schweizer-Reneke district this time, where Senwes is also delving deep in its focus on this region. We also began with research regarding the Senwes Scenario, to really grasp what producers want, and we will incorporate certain elements as from 2018. The 2017/2018 cricket season has also started and we are launching a competition for the T20 match between the Proteas and the touring side of Bangladesh, which will be taking place on 29 October where you will stand a chance to win an experience for 6 at Senwes Park in Potchefstroom.

I leave you with the words of Friedensreich Hundertwasser: "When we dream alone it is only a dream, but when many dream together, it is the beginning of a new reality." A beginning we all can look forward to!

*Aubrey Kruger*
EDITOR

**HOOFREDAKTEUR**
Marlon Abrahams
Tel: 018 464 7349
*marlon.abrahams@senwes.co.za*

**REDAKTEUR**
Aubrey Kruger
Tel: 018 464 7449
*aubrey.kruger@senwes.co.za*

**ADVERTENSIES**
Mariëtte Hugo
Tel: 018 464 7505
*mariette.hugo@senwes.co.za*

**ONTWERP EN UITLEG**
Mercia Venter
*mercia.venter@senwes.co.za*

**MEDEWERKERS**
Marlon Abrahams, ds Carel Botma, Ds Willie Botha, Lucas Coetsee, Carl Kirstein, Johan du Toit, Carl Fourie, Japie Fransman, Stephan Geldenhuys, Thys Grobbelaar, Jenny Matthews, Susari Geldenhuys, Senwes Grainlink, Gerrit Oosthuizen, Jan Serfontein, Johan van den Berg, Petrus van Staden en Milanie Vosloo.

**SUBSKRIPSIE**
Marie Erasmus
Tel: 018 464 7568
Faks: 018 464 7772
*marie.erasmus@senwes.co.za*

**EIENAAR**
Senwes,
Posbus 31,
Klerksdorp,
2570
Tel: 018 464 7800

**DRUKWERK**
Typo
Tel: 011 402 3468

Senwes

- *Alle regte van die inhoud van Senwes* ***Scenario*** *word voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.*
- *Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.*

# Oraloor gehoor...

## OLUSEGUN MATHEW OKIKIOLA AREMU OBASANJO

**Former President of Nigeria (1999 to 2007)**

Speaking about the rising population in African countries.

"A population that is not educated and empowered is not an asset."

## JAHNI DE VILLIERS

**Agri SA's head of labour and transformation**

Deliberating that farmers often use labour brokers for seasonal work. The labour broker accepts responsibility for the administration, but the law was changed in 2015 to make provision for the farmer also being held liable, should problems arise.

"FARMERS and labour brokers are now jointly responsible, should there be a dispute."

## LOUIS MEINTJES

**President van TLU SA**

Praat oor die feit dat die land se ekonomie nie meer in 'n tegniese resessie verkeer nie, te danke is aan die reuse bydrae wat landbou gelewer het. Volgens die statistikus-generaal het landbou 'n groei van 33,6% getoon.

"DIT is 'n onbetwisbare bewys daarvan dat landbou die grondslag van die ekonomie uitmaak."

## Pieter & Tshepo




## DAN KRIEK

**President van Vrystaat Landbou**

'n Kort uittreksel van sy presidentsrede

"Ek ken niemand in landbou, in Agri SA en by Vrystaat Landbou en in ons bedrywe en landbou-besighede wat onverskillig staan teenoor grondhervorming nie... Jy is vry in Suid-Afrika en jy het 'n reg onder die grondwet om in die straat af te stap en te sê hoe jy voel."

## HENK VAN WYK

**President van Agri Noord-Kaap**

Hy het tydens sy presidentsrede gepraat oor die water- en besproeiingsprobleem en dat innoverende denke hier moet intree.

"Ons kyk maklik vas in die branders en golwe en ons sit benoud in ons bootjies en skep die water uit, terwyl die wind ons verrinneweer, maar op geen stadium klim ons uit die water en loop na waar dit veilig is nie. Ons sal die uitdagings eerder ignoreer."

## KGALEMA MOTLANTHE

**Former president of South Africa**

Speaking about morals in South Africa on BBC television.

"...when conscience fails you, when consciences deserts you, you know moral appeals account for nought."

## ANNELIZE CROSBY

**Agri SA parlementêre verteenwoordiger**

Sy het tydens die Agri Noord-Kaap kongres oor grondhervorming gesels.

"Alles dui daarop dat arm mense hulle geduld begin verloor met die stadige vordering met grondhervorming en dat 'n elite-groepering besig is om grondhervorming tot 'n redelike mate te kaap."

## PIETSAP VAN RENSBURG

**Welbekende John Deere modeltrekkerentoesias**

"Ek weet nie wat môre inhou nie, maar ek weet Wie môre in Sy hande hou."

**DIE WENNERS VAN DIE VORIGE UITGAWES VAN SENWES SCENARIO IS AS VOLG:**
(**Junie/Julie 2017**) is as volg: **CUM**: Brenda van der Merwe van Bothaville. **Hannon**: Rita Cox van Deneysville, F. Van der Merwe van Magogong.

# All roads lead to Bultfontein **for the Boertjiefees**

MORE THAN SEVEN THOUSAND PEOPLE ATTENDED THE EVER-POPULAR BULTFONTEIN BOERTJIEFEES FROM 31 AUGUST TO 2 SEPTEMBER 2017 AT THE BULTFONTEIN SHOWGROUNDS. SENWES WAS PROUD TO BE A MAIN SPONSOR OF THE EVENT, WHICH SAW PATRONS ENJOY AWESOME EXHIBITIONS, ACTIVITIES, GOOD FOOD AND GOOD ENTERTAINMENT.

« MARLON ABRAHAMS

The Senwes Equipment and Hinterland combined exhibition featured products from John Deere, JCB, Rovic Leers and Amazone. The objective was to showcase products to the client which will facilitate more effective production with lower input costs, combined with service excellence. Senwes Equipment Marketer, Herman Smalberger, hosted the Senwes Equipment stall where various John Deere models were on display.

Hinterland Branch Manager, Gerhard van der Ryst, said the stall was well-attended and patrons had a look at and purchased a variety of products from weapons, irrigation, gardening, outdoor-living and event hunting paraphernalia, which marked a collaboration with Prodist and Protek. Hinterland and Senwes are already focused on next year's show and plans are afoot to enlarge the exhibition area with Lafarge on board to donate the cement.

Senwes and Hinterland would like to express their sincere thanks and appreciation to Herman Meiring, respected producer and main catalyst and organiser-in-chief of the Boertjiefees in Bultfontein.

Meiring said that they received very good feedback from all corners, those who attended as well as the exhibitors. "This year we added a lot of events and the main aim is to form one big family at the Bultfontein Boertjiefees," said Herman.

The event was host to more than 150 exhibitors and patrons were treated to activities such as golf, a road race, road and mountainbike races, a sheep-shearing competition, an agri-exhibition and much more. Entertainment was provided by, among others, Amor, Snotkop, Lianie May and Jan Rhaap.

Meiring had a special message to Senwes as main sponsor, as well as other sponsors and exhibitors: "Without sponsors and exhibitors we are absolutely nothing. I would like to thank everyone for contributing to the success of the 2017 Bultfontein Boertjiefees. We will immediately start to organise the 2018 event, where we will build on this year's success."

Be sure not to miss the next Boetjiefees in 2018!




*Action galore at the Bultfontein Boertjiefees.*

















# JOU VISIE, *ons passie.*

Presisieboerdery is 'n bestuurshulpmiddel wat die produsent in staat stel om die optimum finansiële opbrengs op beleggings te realiseer vir elke area of sone binne 'n boerdery-eenheid. Skakel ons inbelsentrum by 018 464 7550/3.

Senwes

Agri rewards

www.senwes.co.za | www.senwes.mobi



1



2



3

# Al S(ch)waaiend en reënend na Schweizer-Reneke

ONS IS MIDDE-IN DIE LENTE EN HOPELIK SEËN DIE VOLGENDE REËNSEISOEN ONS BEHOORLIK. ONS IS DIÉ KEER OP REIS MET DIE NOORDWES DORPIE SCHWEIZER-RENEKE IN ONS VISIER.

« AUBREY KRUGER

Die fokus op uitspraak is belangrik - hierdie dorpie se naam word as 'Schweizer-'Reën'eke uitgespreek en nie as 'Rey'neke nie, vertel kenners in die gebied. Gelukkig is hierdie skrywer 'n Noordwester en het gelukkig nie in dié valstrik getrap nie.

**KRUGER MILJOENE**

Maar vir die res moes ons bietjie dieper gaan delf. Delf is die regte woord om te gebruik, omdat spoeldiamante 'n prominente rol in die gebied speel en daar al baie groot en blink klippies in die gebied gevind is. Dit is Schweizer se Kruger miljoene, hoewel sommige beweer dat selfs die ware Jakob ook hier iewers begrawe is. Hoe dit ook al sy, die dorpie het sy ontstaan in 1885 gehad en is vernoem na kaptein Schweizer en veldkornet Reynecke, wat in 'n skermutseling met 'n plaaslike stam omgekom het. Beelde van beide is in ook die dorpie te siene.

**DIE TAKGESKIEDENIS**

Hinterland takbestuurder by Schweizer-Reneke sedert 2016, Waldo Venter, vertel dat die eerste Senwes-tak in 2007 hier geopen is en in Schweizerstraat geleë was, soos jy die dorp binnekom.

In 2010/2011 is die huidige onderdelewinkel aangekoop, met verandering wat vroeg in 2012 aangebring is. Die eerste onderdeletransaksies het in daardie selfde jaar plaasgevind. Waldo sê dat die huidige tak in Buitenstraat in Augustus 2016 ook drasties vergroot is, van 'n area van slegs 25m² met twee rakke tot en met 200m². Selfs die stoorgedeelte is in die proses van 500m² na 900m² vergroot. Die onderdele en werkswinkel is nog steeds in die voorste gebou.

Waldo steun baie op sy 25 kollegas. Hier moet mens veral kophou met die aantal Jaco's by die werkswinkel - Jaco Vosloo (werkende voorman), Jaco Holloway (werktuigkundige), Jaco Janse van Rensburg (vakleerling), Gerrit Meyer (werktuigkundige) en algemene werkers William Mogale, Johannes Marumo en Basie Headman, werkkaartklerk Christal de Lange en drywer Robert Motupi. By onderdele is daar Corné Kemp (onderdelehoof), Kobus du Plessis (verkoopsklerk), Henco de Lange (verkoopsklerk) en Paul Kgatlane (verkoopsklerk). Stoorpersoneel is Willem Coetzer (terminaalklerk),











*Foto's van links na regs:*

*Die manne na wie Schweizer-Reneke vernoem is! ❶ Kaptein Schweizer en ❷ veldkornet Reynecke.*

*❸ Die NG Moedergemeente vier vanjaar 130 jaar! Benewens die NG Moedergemeente se kerktoring versier die torings van ❹ NG Noordgemeente asook die ❺ Nederduitsch Hervormde Kerk die lugruim.*



*Jaco, Jaco en normaals Jaco! Daar is drie Jaco's by die Senwes Equipment werkswinkel. Hier is Jaco Vosloo (werkende voorman), Jaco Janse van Rensburg (vakleerling) en Jaco Holloway (werktuigkundige).*



*Die lokomotief in die middedorp verwys na die groot rol wat spoorvervoer in die ontwikkeling van die dorp gespeel het.*

asook algemene werkers Afrika Modise, Samuel Mooketsi, Stoffel Koloane en Koos Jacobs. In die winkel is Waldo Venter (takbestuurder) en Marietjie Grobler (landbou-besigheidsbestuurder) met administrasiepersoneel Liezel van der Westhuizen (Hoof Administrasie), Stephanie Louw (kontantklerk), William Group (ontvangshulp) en Martha Sedito (skoonmaker). Hy lig ook Arlene Barkhuizen (oud-stoorbestuurder) uit wat sake hier begin het.

Waldo is oorspronklik uit die staalvervaardigings-, staalverwerkings- en handelsomgewing afkomstig, waar hy verskeie poste beklee het soos verkoopsverteenwoordiger, operasionele bestuurder en takbestuurder. As bestuurder glo hy dat 'n "werker iets vir jou moet doen omdat hy dit vir jou wil doen, nie omdat jy so gesê het nie." Hy glo ook om saam met hulle as mense te werk. "Elkeen ken sy werk en dus is ek niemand se baas nie." Vir my werk almal lekker saam. Ons is een span hier."



*Die winkelpersoneel! Hier is Willem Coetzer (terminaalklerk), Liezel van der Westhuizen (Hoof Administrasie), Martha Sedito (skoonmaker), Marietjie Grobler (landbou-besigheidsbestuurder) en Waldo Venter (takbestuurder).*

> VERVOLG OP BLADSY 8

## Schweizer-Reneke

> VERVOLG VAN BLADSY 7




*Die Senwes Equipment tak in Buitenstraat en die naald ter ere van die gesneuweldes is van die ander kenmerkende landmerke in die dorp.*

### BEKENDES VAN SCHWEIZER

Bekendes van die gebied sluit in oud-Springbok rugbyspelers Wynand Claassens (kaptein) en Jannes Labuschagne en met nadere ondersoek het ons gesien dat selfs Lappies Labuschagne se Vrystaat rugbytrui by Laerskool Schweizer-Reneke hang.

Dan is politici soos Ahmed Kathrada en Essop Pahad se voetspore ook in die gebied. Op kunsgebied het die bekroonde skilder Irma Stern ook van die water van die gebied gedrink, asook die befaamde skrywer, Elisabeth Eybers. Inwoners vertel verder dat Stern se oom een van die eerste winkels in die gebied gehad het en dat Eybers se pa ook lank die predikant by die NG kerk was. 'n Bietjie meer onlangs is Johan Champion deur die LUR vir onderwys, Tate Makgoe, as die top Vrystaat matrikulant van 2016 gekroon en hy het ook hier grootgeword. Nie te sleg vir 'n dorpie met net oor die 30 000 inwoners nie. Dan is daar ook steeds mense met vanne soos Einkamerer en Mussman in die dorp, wie se voorsate baie prominente rolle hier gespeel het.

### GEBOUE EN BEELDE

Die NG Kerk is van sandsteen gebou en is regtig een van die mooiste geboue in die dorp – dit staan as die moedergemeente bekend. Ander gemeentes is die Noord-gemeente asook die gemeentes in Amalia, Migdol en Glaudina. Boeredorpies is baie geloofsgerig en dié een is geen uitsondering nie, met talle ander mooi kerke soos die Anglikaanse kerkie en die torings van die Hervormde Kerk, NG-Noord en talle meer wat die lugruim ingaan. Die stadsaal wat in 1921 gebou is, en die naald ter ere van die gesneuweldes van die Massouw oorlog in 1885, asook die klein piramiede wat die Rapportryers se tog na die opening van die Voortrekker Monument in 1949 gedenk, word in die middedorp gevind. Tydens die dorp se eeufees was daar ook Switsers wat dit bygewoon het, en daar was 'n kenmerkende rigtingaanwyser voor die stadsaal, wat presies aandui waar en hoe ver (8 406 km) die stad Bern vanaf Schweizer geleë is.

### ANDER INTERESSANTHEDE

Ander interessanthede is dat die hoeksteen van die laerskoolgebou op 1 April 1908 deur eerwaarde Die Graaf van Selborne gelê is. Daar is ook 'n massiewe stokou doringboom skuins oorkant die ouetehuis, Silwer Jare, waar teregstellings jare gelede uitgevoer is.

Met landbou as een van die hoofare hier, is die lokomotief in die dorp juis tekenend van die rol wat spoorvervoer gespeel het in die ontwikkeling van die dorp. Vandag is daar ook 'n paar bekende versamelaars van landbou-implemente in die distrik, soos Lodewyk Fourie, wat ou trekkers en motors versamel en restoureer en Pietsap van Rensburg wat weer John Deere skaalmodelle versamel en restoureer. (Kyk uit vir die volgende uitgawe waar ons by Pietsap gaan kuier het.)

En so terloops, as jy mooi mure en beddings gewaar wat die dorp verfraai, is dit tien teen een die werk van Hettie van Zyl en Marietjie Fouche.

So is alles binne die grense van Schweizer-Reneke vervat. Of soos Elisabeth Eybers dit die beste in die skoollied van Laerskool Schweizer-Reneke beskryf: "Waar die blougroen doringbome groei langs die Hartsrivier se some... swewend langs beskantse hange teen Masou se heuwelburg..."





*❶ Werkswinkelpersoneel met Jaco Vosloo (werkende voorman), Johannes Marumo (algemene werker), Christal de Lange (werkkaartklerk), Basie Headman (algemene werker) en Waldo Venter (takbestuurder).*

*❷ Die stoorpersoneel is algemene werkers Afrika Modise, Stoffel Koloane, Koos Jacobs en Samuel Mooketsi.*






# SOMERTYD IS FOSFORTYD

**Hendrik van Pletzen**, Tegniese Bestuurder, **Tel:** 083 456 3636 • **E-pos:** Hendrikvp@mweb.co.za
**Ulrich Müller**, Tegniese Bestuurder, **Tel:** 083 414 5928 • **E-pos:** Ulrich.muller@tongaat.com

Dis nou tyd om te besin oor somerlekaanvulling of lekaanvulling vir Skape en Beeste op groenweiding. Groenweiding is hoog in proteïen, hoogs verteerbaar en diere op sulke weidings neem toe in massa. Die belangrikste beperking van groenweiding in Suid-Afrika is egter Fosfor (P) en sal beeste met 'n minerale aanvulling (P6-lek) sowat 130 g/dag vinniger groei as wanneer hulle geen lek sou ontvang nie. Fosfor (P) is dus beperkend om optimale gewigstoename te verkry.

Indien die GDT van weidende diere verder verhoog moet word, vorm energie die tweede beperkende voedingstof en sal energie dus saam met P aangevul moet word om 'n verdere respons in gewigstoename te verkry. Energieaanvulling is relatief duur en om die rede bevat 'n energie-aanvulling 'n ionofoor soos byvoorbeeld Salinomycin-Na. Die ionofoor bevorder energiebenutting en bespaar dit dus voer om hierdie aanvullingskoste doeltreffend te maak vir beide beeste en skape.

## PRODUKTE BESKIKBAAR

Die volgende produkte uit die Voermol-stal kan oorweeg word.

## MINERALE-SUPPLEMENTE

| | |
|---|---|
| **Voermol Superfos** V17422 | Hierdie is 'n smaaklike klaar-gemengde minerale lek. Aanbevole inname 120 g – 240 g/bees/dag en 20 g – 40 g/skaap/dag. |
| **Voermol Rumevite 6P** V11995 | Klaar-gemengde minerale lek. Aanbevole inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag. |
| **Voermol Rumevite 12P** V11994 | Minerale-lekkonsentraat. Meng met gelyke dele sout om 'n P6-lek te gee. Aanbevole inname 100 g - 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag. |
| **Voermol Fosfaatblok** V10264 | Fosfaatblok is gereed om te voer. Verwagte inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag. |
| Selfmeng minerale lek | Meng 50 kg **Rumevite 12P** met 50 kg sout en met 50 kg **Voermol Super 18.** Hierdie mengsel is 'n smaaklike lek wat goeie resultate gee veral waar lekinname op P6-lekke laag is. Aanbevole inname 120 g - 240 g/bees/dag. |

## ENERGIE- EN MINERALE-SUPPLEMENTE

Groei kan verder verhoog word deur die gebruik van 'n energie-aanvulling. Die volgende produkte kan hier oorweeg word. Dit is egter belangrik dat die produkte slegs oorweeg word as aanvulling tot voldoende goeie kwaliteit groenweiding.

| | |
|---|---|
| **Voermol Supermol** V7267 | Energie- en minerale-aanvulling met 20% proteïen vir diere op groenweiding. Geen vermenging is nodig nie. Aanbevole inname 1 000 g - 1 200 g/bees/dag en 180 g – 200 g/skaap/dag. |
| **Voermol Energieblok** V11456 | Blok, gebruik as energie- en minerale-aanvulling vir dragtige of lakterende ooie, koeie wat kalf of groeiende lammers, kalwers of verse op groenweiding. Aanbevole inname 1 400 g - 2 000 g/bees/dag en 250 g – 300 g/lam/dag. |
| **Voermol Molovite** V10264 | Energie- en minerale-aanvulling vir diere op topkwaliteit groenweiding. Geen vermenging is nodig nie. Aanbevole inname 1 000 g - 1 200 g/bees/dag en 180 g – 200 g/skaap/dag. |

Indien meer inligting verlang word, raadpleeg u naaste Voermol agent, (sien www.voermol.co.za) of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za

VOERMOL
**SUPERMOL**

Jou voerkraal in die veld

- Met Supermol is 'n daaglikse toename van tot 1.2 kg per dier per dag op groenweiding moontlik
- Geen vermenging van graan is nodig nie
- Geen oorhoofse voerkraal koste nie
- Verseker dat vervangingsverse goed uitgroei en teikenmassas bereik
- Uitstekende prikkellek vir verse en koeie
- Eenvoudig, prakties en winsgewend

**VOERMOL**

**Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien**

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

**www.voermol.co.za**

Voermol Supermol
Reg. Nr. V 7267 (Wet 36/1947)
Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk
Posbus 13, Maidstone 4380.

# JOHAN VAN WYK
# Almal se Boeta




*Boeta is 'n trotse derdegenerasie produsent.*

IN LANDBOUKRINGE HET MENS WARE VRIENDE NODIG. EN HIER KRY JY PRESIES DIT IN EEN PAKKIE BY SENWES PRODUSENT JOHAN VAN WYK, OF BOETA SOOS HY HIER BEKEND STAAN.

« AUBREY KRUGER

Boeta boer die afgelope 13 jaar in die omgewing op sy plaas Klipfontein, sowat 45 km vanaf Schweizer-Reneke in Bloemhof se rigting.

## KLIPFONTEIN

Die einste Klipfontein is hier naby die plaashuis geleë. Dit is so genoem omdat daar talle klippe en delwerye in die omgewing is, terwyl die fontein verwys na dié fontein en panne in die area.

Die 34-jarige Boeta is in Bloemhof gebore, het op hierdie plaas grootgeword en beide sy laer- en hoërskoolloopbaan in Schweizer voltooi, waar hy in 2001 gematrikuleer het. Die suksesverhaal hier is dat almal een groot familie is wat baie goed saamwerk.

## FAMILIEVRIEND

Eerstens is Boeta 'n familiemens. Hy is die afgelope ses jaar met Trudie getroud en het twee kinders, Dihani (5) en Johan (1). Trudie is sy steunpilaar en kom self uit 'n boerefamilie en doen ook as geregistreerde boekhouer al die plaas se boeke. Dan het die kinders ook boerdery in hul bloed, met Dihani wat klaar sê "Onthou ek is 'n boeremeisie" en klein Johan wat net trekkergeluide maak soos hy *broom-broom* op die plaas rondstap.

## DERDEGENERASIEPRODUSENT EN VIERDEGENERASIE-JOHAN

Hy is 'n trotse derdegenerasieprodusent, met sy oupa en pa wat ook hier geboer het. Die naam Johannes Jacobus strek al oor vyf generasies, vanaf oupagrootjie en nou selfs sy jongste spruit wat die name dra.

## JOHAN SENIOR SY ROLMODEL

Sy pa Johan is verseker die persoon na wie hy opkyk: "Ek het alles by hom geleer". Pa Johan het hom geleer



*'n Ou Ford van een van die vorige generasie Johanne verleen 'n bietjie nostalgie aan die plaas.*

dat jy nooit beter as 'n ander is nie, en ook nie iets van 'n ander verwag wat jy nie self bereid is om te doen nie. Hy het vir 10 jaar, tot 2015, saam met sy pa geboer en gebruik sy pa steeds in 'n raadgewende hoedanigheid en sê: "Dit lekker om so 'n goeie klankbord te hê."



*Die Van Wyk familie met Boeta, sy vrou Trudie en hul twee kinders Johan (1) en Dihani (5).*

**STAATMAKER PERSONEEL**

Boeta besef dat jy nie alles alleen kan doen nie. Hy maak staat op elkeen van sy 45 werkers. Hy steun veral op sy plaasbestuurder, Pieta Pretorius, Mario Roussado wat die trekkers in stand hou en klein Mario Roussado en Herman du Plessis wat met die beeste werksaam is.

Selfs van die werkers se pa's het vir sy oupa en pa gewerk. Baie van dié se kinders, saam met wie hy op die plaas gespeel en grootgeword het, werk vandag saam met hom, met nog 'n generasie ook reeds op pad. Daar is ses werkers wie se voorsate hier gewerk het - Abram Mboyo, George Botshelo, Basta Molefe, Mannetjie Mmosakga, Abraham Dithebe en Abraham Lehihi wat die tradisie voortsit.

Hy voel dat werkers ook 'n sê het: "Hulle is juis die manne wat moet praat. Ons is net oor die 20 000 produsente, maar met ons personeel is ons oor die 200 000 wat 'n sê het, wat groter slaankrag beteken. As daar waardetoevoeging in die gebied plaasvind soos fabrieke en aanlegte sal alles deursyfer na die werkers. Almal van ons het 'n groter visie en die ouens wil saamwerk om 'n beter toekoms te bou."

**SENWES**

By Senwes Credit kry hy krediet vir sy produksiemiddele. Hy het baie trekkers en van groen gepraat, hy is al jare 'n John Deere klant. Onder sy vloot tel 'n John Deere 4630 spuit, 'n 6430 trekker, twee 6930's, 'n 8430 en 'n S660 stroper met fleksietafel, sowel as twee 8300 trekkers van 1996 wat al oor die 20 000 ure elk oor die afgelope 21 jaar geklok het.

Hy voel dat takbestuurder Waldo Venter regtig hard probeer om Schweizer-Reneke op die kaart te plaas en is baie gelukkig met sy diens - hulle het nog nooit langer as 24-uur vir parte en onderdele gewag nie. "Dit skep vertroue in die produk en maak 'n groot verskil," sê Boeta.

**VOORSITTER**

Boeta is ook buiten sy werk op die plaas, al die afgelope vyf jaar

> VERVOLG OP BLADSY 12

## Johan van Wyk
## Almal se Boeta

> VERVOLG VAN BLADSY 11

die voorsitter van die Schweizer-Reneke Studiegroep - hulle is 'n lekker groep van 45 lede wat gereeld bymekaarkom en aksies reël.

### BOERDERY

Hier by Klipfontein boer hulle met mielies, grondbone, sonneblom en sojabone. Normaalweg is 'n derde oorlêlande en die ander twee derdes word opgedeel in die helfte mielies, met die ander derde grondbone, sonneblom en sojabone. Wat hy wel in die komende seisoen beplan om te doen is om baie minder mielies te plant, vanweë die laer pryse. Hulle boer ook met Simbras en Simmentalers.

Nog raad wat hy uitdeel is om jou 5% swakste produserende lande uit te sny. So skep jy ekstra weiding vir vee en dit is baie keer daardie lande wat tot oorproduksie lei en die pryse laat daal.

### KLEIN TREË

Johan glo in diversifikasie binne perke. Hy het stadig oor die jare gediversifiseer en het ook wild en pekanneute, in vennootskap met drie ander produsente. Hulle het ook die laaste vier jaar al 'n proefplaas van 50 hektaar. Hier is hulle tans in jaar vier van ses jaar en sal in 2019 kyk of hulle geenbewerking gaan oorweeg en dan in jaar vyf, die oorlêjaar, sal hulle rip en chemiese regstellings doen.

### OOR DIE AREA

Johan vertel sy plaas het nie net Noordwes in nie, maar ook 'n tikkie van die Vrystaat en Noord-Kaap en selfs Mpumalanga. Boeta beskryf immers sy deel as "waar die Karoo en Kalahari bymekaar kom."

Interessant is dat hul gebied die verste van Randfontein en



*Met 'n naam soos Braai sorg die Simmentalerbul vir nog 'n bietjie erfenis.*

Durban is en hy vertel dat indien sy plaas, hektare en insette in 'n omgewing soos Bothaville was, sou hy baie meer geld in sy sak kon steek. Verdere uitdagings is dat hulle onder-gemiddelde reënval vir die afgelope 5 jaar gehad het en dus op alle gebiede veg vir goeie pryse en afslag omdat winsmarges baie klein is.

Sy ander raad is dat jy by die basiese moet bly en net moet aanhou: "'n Paar jaar gelede was hier min trekkers en implemente en nou is daar baie en almal maak 'n bestaan."

Hy voel ook ernstig daaroor dat ons ons eie bedryf moet stimuleer. Die meel en grondboontjiebotter kan teruggekanaliseer deur dit aan jou werkers te verskaf. So eet hulle gesonder, kry meer energie en proteïene en terselfdertyd stimuleer jy jou eie bedryf en die vraag styg. Dink net aan die landswye impak.

Almal is een groot familie op Klipfontein, wat aansluit by 'n ou gesegde van sy oupa: "Klipfontein is 'n perd wat jou nie gaan ryk maak nie, maar hy gaan jou ook nie afgooi nie."

Boeta se oë is op die groter prentjie gerig en hy sien almal se samewerking as kardinaal. Bou so voort Boeta!



*Die oue en die nuwer een! Een van die twee 8300 trekkers van 1996 op die plaas met oor die 20 000 ure werk hier saam met die nuwer 8430 model.*



*Die families van Abram Mboyo, George Botshelo, Basta Molefe, Mannetjie Mmosakga, Abraham Dithebe en Abraham Lehihi werk al vir dekades hier op Klipfontein.*

SS75L/02/A

PETRONAS

Engen is a member of the PETRONAS Group

# SOMER is hier!




## Spesiale pryse op alle aankope van 20 Liter en 210 Liter Engen smeermiddels.

Promosie duur van 1 September tot 15 Desember 2017. Bepalings en Voorwaardes geld.

Met ons is jy Nommer Een | ENGEN



# PLANTTYD is hier

DIE WINTER IS VERBY EN ONS SIEN UIT NA DIE KOMENDE SOMERSEISOEN. TYD SAL LEER HOE DIE SEISOEN GAAN VERLOOP, MAAR DIS BELANGRIK DAT DAAR REG BEGIN MOET WORD. DIT IS NIE ALTYD MOONTLIK OM FOUTE WAT VOOR OF GEDURENDE DIE PLANTPROSES GEMAAK IS, REG TE STEL NIE.

« GERRIT OOSTHUIZEN

### GROND

- Is die gronde (lande) gekarteer – fisies en chemies?
- Is die nodige regstellings gedoen?
- Is die opbrengspotensiaal van die verskillende lande/sones bekend?
- Moet lae-potensiaalgronde nie aan kontantgewasproduksie onttrek word nie?
- Hoe lyk die verskillende lande se grondwaterstatus? Natter lande kan eerste geplant word, terwyl die droër lande nog tyd gegun word om reën te ontvang voor dit geplant word. ’n Grondboor is handig om te kyk wat die grondwaterstatus in die grondprofiel is.

### PRESISIEBOERDERY

In vorige uitgawes van die *Scenario* is daar breedvoerig oor presisieboerdery berig en wat dit behels, dus gaan dit nie nou weer in diepte behandel word nie.

### KULTIVARKEUSE

Daar is ’n groot verskeidenheid kultvars tussen al die saadverskaffers beskikbaar – maak seker dat die kultivar(s) wat gekies word, aangepas is vir die betrokke omgewing en opbrengspotensiaal. Maak ook gebruik van die MIELIE-INLIGTINGSGIDS (MIG) wat jaarliks deur die LNR-Instituut vir Graangewasse uitgegee word om ’n ingeligte besluit te neem. Indien “nuwe” kultivars oorweeg word, beproef dit eers op ’n beperkte skaal. Om risiko te beperk, is dit goed om altyd ’n kultivarpakket te gebruik.

### PLANTDATUM

Plantdatum is ’n belangrike aspek by die suksesvolle verbouing van gewasse. So byvoorbeeld behoort die grondtemperatuur bo 15°C te wees voordat mielies geplant word en is die ideale grondtemperatuur 18°C. By temperature laer as 10°C ontkiem mielies nie. Plantdatum moet, as dit moontlik is, aangepas word sodat mielies nie gedurende ’n moontlike mid-somerdroogte in die blomstadium is nie.

Sonneblom ontkiem by 4°C, maar optimale ontkieming en











ontwikkeling vind by grondtemperature van tussen 12°C en 20°C plaas.

Die moontlike voorkoms van laat ryp by vroeë aanplantings en vroeë ryp by laat aanplantings moet ook in aanmerking geneem word.

Benut optimale planttoestande en gebruik slegs goeie, beproefde agronomiese praktyke.

**BINNERYSPASIËRING**

Plantpopulasie en rywydte het 'n invloed op die binneryspasiëring, maar net so belangrik is eweredige spasiëring en lei dubbel-pitte en dus gapings tot opbrengsverliese. Kultivars kan net tot 'n mate kompenseer vir gapings in die rye. Die gelyke ontkieming en opkoms van al die sade is belangrik en 'n goed gespasieerde plantestand is deel van die fondasie van suksesvolle gewasverbouing.

**RYSPASIËRING**

Ryspasiëring varieer tussen verskillende gebiede en ook tussen droëland- en besproeiingverbouing. Daar is 'n neiging om al nouer rywydte te plant om binnerykompetisie te verminder. Omskakeling van implemente is egter duur.

**PLANTDIEPTE EN SAADGRONDKONTAK**

Egalige plantdiepte is net so belangrik om egalige ontkieming en opkoms te verseker en onegalige ontkieming en opkoms lei ook tot opbrengsverliese. Plantdiepte en drukwielverstellings het 'n groot invloed op die ontkieming van die saad. Vir die saad om grondvog vinnig op te neem, moet die saad in goeie kontak met die grond wees. As die druk hoog is, sal die grond te dig vasgetrap wees en sal die saailing nie opkom nie of gekompakteerde wortels veroorsaak.

**BRONNE:**


- Mielie-inligtingsgids (MIG) 2016
- Dekalb Kultivargids 2011 Somer
- https://www.cerealis.co.za/single-post/2017/06/29/Presisie-Boerdery-is-die-TOEKOMS
- http://www.precisionplanting.com/#products/deltaforce/
- http://www.grainsa.co.za/optimale-plantdatum-onder-die-loep (Oktober 2016)
- https://www.360yieldcenter.com/
- PANNAR Produksiehandleidingreeks
- http://www.ozonesolutions.com/Ozone-Research/Ozone-Treatment-On-Corn-Seed-Germination-Kinetics
- http://www.arshanei.com/maize/
- https://www.deere.com/en/planting-equipment/


Gerrit Oosthuizen is 'n senior akkerboukundige by Senwes. Skakel hom gerus vir enige navrae by 018 293 1968 of 084 506 8791. 'n E-pos kan gestuur word na gerrit.oosthuizen@senwes.co.za.







# AGRI DRAINAGE: Volledige waterbestuurspesialiste

STEPHAN GELDENHUYS

**MEER OOR AGRI DRAINAGE**

Bevolkingsgroei en die toenemende vraag na vrugbare landbougrond noodsaak produsente om grond ten beste te benut. Klimaatsverandering en uiterste weerpatrone moet in ag geneem word in waterbestuur ten einde voedselsekuriteit te verseker.

Produsente moet opbrengste verhoog en risiko's laag hou en daarom is Agri Drainage 'n vennoot in omvattende waterbestuur. Ons dienste bied 'n verskeidenheid gespesialiseerde en doelwitgedrewe prosesse ten einde aan die behoeftes van die produsent te voldoen:

1. Opmeting (*Aerial Lidar* en vierwielopnames).
2. Beplanning en lewensvatbaarheid (Ons gebruik die nuutste, mees gevorderde sagteware om 'n effektiewe waterbestuursplan voor te stel).
3. Oppervlaktedreinering (behels die bestuur van die vloei van water en die rigting daarvan op jou land om verspoeling en droë kolle te verminder).
4. Onder-oppervlakdreinering.
   - Voordele van onder-oppervlakdreinering:
     - Herwin verlore grond
     - Dieper wortelstelsels, droogteweerstandige oeste
     - Laer soutinhoud
     - Hoër oesopbrengste
     - Tydige landbewerkings
5. Bou en herstel van damme.
6. Onderhoud van onder-oppervlakdreineringstelsels.

**AGRI DRAINAGE EN SENWES**

Die hoë koste en langtermynaard van 'n belegging in waterbestuur (dreinering) op jou plaas, kan onnodige druk op jou kontantvloei plaas. Daarom verskaf Senwes nou finansiering aan Agri Drainage en Senwes-produsente ten einde te help om 'n onder-oppervlakdreineringstelsel te installeer of om grondformasiewerk te onderneem.

**WATERTAFELBESTUUR**

Die afgelope 20 jaar het daar opwindende, nuwe ontwikkelinge in dreineringstelsels in Amerika plaasgevind. Agri Drainage gebruik nou hierdie toonaangewende tegnologie in Suid-Afrika.


Hierdie stelsel is veral geskik vir watertafelgronde in die Vrystaat en Noordwes.

Die beheerstrukture op die hooflyne van 'n onder-oppervlakdreineringstelsel, maak dit moontlik om die diepte van die watertafel in die grond te beheer soos benodig (sien diagram).

Waar daar 'n gepaste plek is om








waterreservoirs te bou ten einde water te berg in tye van 'n oorvloed dreinering, is dit moontlik om die watertafel aan te vul met die gestoorde water.

Uitgebreide navorsing dui aan dat opbrengste oor die langtermyn met soveel as 30% - 40% kan verhoog deur die gebruik van dié stelsel.

Vir verdere navrae, kontak Stephan Geldenhuys van Agri Drainage by 079 503 0436 of Senwes Credit by 018 464 7300.






**SUPPORTED BY SENWES CREDIT: 018 464 7300**

**T: +27 79 503 0436 / E: info@agridrainage.co.za / W: www.agridrainage.co.za**



# Verhoog mielieverdienste deur PLAASVOERKRAAL

« JOHAN DU TOIT
BESTUURDER: SENWES LANDBOU-EKONOMIESE DIENSTE

DIE WINSGEWENDE VERBOUING VAN MIELIES IS ONDER DRUK VANWEË VERHOOGDE AANBOD EN DIE VERWAGTING IS DAT DIT STEEDS DIE GEVAL SAL WEES GEDURENDE DIE 2017/18 PRODUKSIESEISOEN.

Mielieverbouing vorm in die meeste somergraanprodusente se produksiestelsel die hoof gewas (>65%). Gevolglik is 'n drastiese afskaling nie altyd prakties moontlik nie en behoort die alternatiewe aanwending van minstens 'n gedeelte van die oes ondersoek te word.

Afronding van speenkalwers in 'n tipiese plaasvoerkraalopset bied potensieel sodanige alternatief vir saaiboere wat wel oor 'n vleisbeesvertakking beskik.

Volgens Senwes Landbou-ekonomiese Dienste Burodata beloop die gemiddelde oorhoofse (vaste) produksiekoste, afhangend van die gebied, tussen R600/ha (Suid-Vrystaat en Noordwes) tot R1 000/ha (Wes- en Noord-Vrystaat). 'n Vertakking waarvan die bruto marge laer is as vermelde, sal dus nie 'n voldoende bydrae kan lewer tot delging van vaste produksiekoste sowel as ander boerdery-uitgawes soos paaiementverpligtinge en privaat uitgawes nie.

Volgens die inligting in Tabel 1 blyk die vereiste bruto marges teen vermelde beplanningsaannames in die onderskeie gebiede onwaarskynlik

> VERVOLG OP BLADSY 18

*Tabel 1: Begrote bruto marges teen 'n netto mielieprys van R1 700 per ton.*

| | Suid-Vrystaat | Wes-Vrystaat | Noordwes |
|---|---|---|---|
| Beplanningsopbrengs (t/ha) | 3.5* | 4.5 | 3.5 |
| | Rand per hektaar | | |
| Bruto inkomste | 5 950 | 7 650 | 5 950 |
| Direkte produksiekoste | 5 385 | 6 780 | 5 661 |
| Bruto marge (R/ha) | 565 | 870 | 289 |

*Geliewe daarop te let dat die langtermyn gemiddelde mielieopbrengs vir die Suid-Vrystaat volgens Senwes Buro Data onder die 3t/ha beloop.

*Tabel 2: Tegniese data (plaasvoerkraal)*

| | |
|---|---|
| Beginmassa (Kg) | 235 |
| Eindmassa (Kg) | 438 |
| Staanperiode (dae) | 110 |
| Eind-karkasmassa (Kg) | 259 |
| Voerinname as % van gemiddelde gewig | 3% |
| % Mielies in rantsoen | 73% |
| Speenkalfprys (R/kg) | 30.00 |
| Karkasprys (R/kg) | 45.00 |
| Uitslag (%) | 59% |

*Tabel 3: Ekonomiese ontleding (plaasvoerkraal)*

| | R/Dier |
|---|---|
| Eindwaarde | 11 642 |
| Beginwaarde | 7 050 |
| Voerkoste * | 2 382 |
| Prosessering & mortaliteit | 501 |
| Vervoerkoste | 120 |
| Finansieringskoste | 350 |
| Marge bo gespesifiseerde koste (R/kalf) | 1 239 |
| Prysmarge | (1 473) |
| Voermarge | 3 336 |

*Mielies teen geleentheidskoste (R1 700/t soos afgelei vanaf gemiddelde Julie/Sept/Des 2018 Safex pryse)

*Tabel 4: Beraamde waardetoevoeging tot mielies deur plaasvoerkraal*

| | Suid-Vrystaat | Wes-Vrystaat | Noordwes |
|---|---|---|---|
| Beplanningsopbrengs (t/ha) | 3.5 | 4.5 | 3.5 |
| Aantal kalwers per hektaar | 4.33 | 5.59 | 4.34 |
| Waardetoevoeging | | | |
| Bruto marge (R/ha) | 5 331 | 6 885 | 5 349 |
| Marge gerealiseer per ton mielies | 1 523 | 1 530 | 1 528 |
| Verlangde netto gelykbreek mielieprys (R/t) | 2 420 | 2 368 | 2 383 |
| SAFEX geelmieliepryse (R/t) soos op 7/9/17 vir: | Jul 8 R2 105 | Sep 8 R2 147 | Des 8 R2 236 |

# ONTMOET DIE NUWE OPTIMIZOR REEKS

Nou met verhoogde proteïene en 23 noodsaaklike vitamiene en minerale ingesluit in 'n verbeterde resep waaroor jou hond gaande sal wees




63023/MortimerHarvey/Senwes/A

## PRIMA VOEDING VIR DIE LEWE WAT HULLE VERDIEN

Die nuwe Optimizor® reeks word deur RCL Foods vervaardig, die grootste vervaardiger van troeteldierkos in Suid-Afrika, wat 'n betroubare reeks toonaangewende kleinhandel- en veeartsgeformuleerde hondekos-handelsname voorsien.

**Optimizor® Premium** is 'n voedsel van hoë gehalte, wetenskaplik geformuleer deur ons interne diere-voedingkundige en veearts, spesifiek vir Suid-Afrikaanse honde. Die insluiting van hoë gehalte pluimveemeel en rys voorsien optimale proteïenvlakke – tot 20% meer as die toonaangewende supermark-handelsname – om sterk spiere te bou en uitstekende verteerbaarheid te verseker, terwyl Vita Care® 'n gesonde immuunstelsel bevorder.

**Optimizor® Complete** is 'n smaaklike, gebalanseerde voedsel keuse aangevul deur Omega 6 olies vir 'n gesonde vel en pels, waarby immuunversterkende Vita Care® ingesluit is, alles teen 'n bekostigbare prys.

Koop vandag nog die nuwe Optimizor® reeks.

**Beskikbaar in 5kg, 10kg en 25kg – vra daarvoor by jou naaste troeteldierwinkel of koöperasie.**

V10665, V13583, V19465, V26107 (Act 36 of 1947)

RCL FOODS

**rclfoods.com/optimizor**



**Verhoog mielieverdienste deur plaasvoerkraal**

> VERVOLG VAN BLADSY 16

te wees, wat die oorweging van alternatiewe regverdig.

Gegewe inligting beskikbaar ten tye van hierdie skrywe, blyk die realisering van verlangde netto gelykbreek mielieprys moeilik haalbaar te wees.

Gebaseer op vermelde syfers en op die veronderstelling dat oor die 250 speenkalwers (eie aanteel) beskikbaar word vir afronding, kan die potensiële finansiële effek (voordeel) op die totale boerdery-eenheid in die orde van R309 000 beloop in die geval van die 3.5t/ha scenario. In hierdie geval word nagenoeg 58 hektaar mielies deur die voerkraal benut. Vanuit die berekeninge soos opgesom in Tabelle 3 & 4, is dit duidelik dat 'n wesenlike verhoging in die bruto marge van minstens 'n gedeelte van die mielievertakking moontlik is en dat die plaasvoerkraal wel 'n opsie is om te oorweeg, veral in gevalle waar die langtermyn gemiddelde opbrengs <4t/ha is. Bepalende faktore, afgesien van prys en opbrengs, is die aantal speenkalwers beskikbaar vir afronding, asook die produsent se aptyt vir en kennis van voerkraalbestuur.

Elke produsent se situasie is egter uniek - gevolglik word aanbeveel dat berekeninge daarvolgens aangepas en besluite daarop gebaseer word.

GRAANBEMARKINGSADVISEUR

# Vir Johan Vosloo

## is afstand net 'n getal

Johan Vosloo is Senwes se graanbemarkingsadviseur in die Schweizer-Reneke omgewing. Die 40-jarige, wat al sedert 2014 by Senwes werk, voel baie tuis in die boerderyomgewing. Hy is by Hartbeesfontein gestasioneer en hanteer 'n groot area wat van die Klerksdorp/Hartbeesfontein gebied strek en het selfs klante tot teen die Botswana grens.

Vir hom is die produsente in Schweizer-Reneke, waarop die fokus in hierdie uitgawe val, regtig almal gewaardeerde produsente van Senwes."Dit gaan goed met Senwes in die gebied. Ons het baie graan uit die Schweizer-Reneke distrik vanjaar gekoop". Hy noem ook dat die klante hier minder is om dat jy eintlik met maatskappye werk, wat mega-boere is. Hier is selfs 53 000 ton graan by hulle grootste klant gekoop.

Die lang en groot man, wat in sy dae duidelik slot gespeel het, is hier om regtig 'n verskil te maak – "Ek kan regtig 'n verskil in produsente se lewens maak met die regte advies en strategie besprekings maar wat meer belangrik is, is om 'n bydrae te maak op produsente se netto boerdery inkomste. Juis dit verseker 'n omgewing van volhoubare boerdery praktyke en 'n nalatenskap vir die geslagte wat nog op die plaas moet kom boer in hierdie uiters mededingende besigheid waarin saaiboere se winsmarges tans onder geweldige druk verkeer.

Van rugby gepraat, die slot het selfs vir drie jaar op skool Cravenweek rugby gespeel. Na skool was hy ook 'n onderwyser en deel van sy pligte was om rugby af te rig, waar hy vanaf 2007 tot 2014 by KHS rugby betrokke was. Johan is al 12 jaar met Amelie Vosloo getroud, wat ook 'n Senwester en hulle het twee dogters, Zané (7) en Amelie (4).

Hy het aanvanklik eers net die Hartbeesfontein en Ottosdal omgewing gediens, waarna sy gebied die laaste paar jaar uitgebrei het soos wat die nasionale voetspoor van Senwes vergroot het. Sy uitkyk was nog altyd op die lang termyn gerig en net dit sal op die einde van die dag water dra. Sport en studies het 'n belangrike rol gespeel in sy lewe en dit het hom baie dinge, veral dissipline geleer.

Hoewel hy 'n groot area bedien is hy net sowat 130km van Schweizer-Reneke af vanwaar Hartbeesfontein Silo geleë is. Vir hom is afstand net 'n getal en kan hy klante oral diens: "Afstand maak nie dat jy nie 'n klant kan diens nie." Vir hom moet jy 'n 21ste eeuse mentaliteit hê en sy klante word dieselfde gediens, ongeag die afstand of die grootte van sy boerdery. En van afstand ken hy beslis, met Johan wat in sy jonger dae ook in atletiek presteer het en die spies oor die 80 meter ver kon laat grondvat. En so kan produsente gerus wees dat Johan alle afstande sal oorbrug om sy klante tevrede te stel.



# 'n GROEN produsent met 'n sonkragwaterpomp

Een van die meer praktiese toepassings vir sonkrag is die pomp van water op afgeleë plekke. Die stelsels is betroubaar en bied 'n goeie oplossing, wat min onderhoud benodig. Boonop spaar dit geld in die vorm van energiebesparings of die koste om kragvoorsiening te maak op afgeleë liggings.

Die pompe lewer uitstekende werkverrigting, selfs in swak lig-omstandighede soos bewolkte weer, dus is sonpompe uiters betroubaar in hul plig.

In die sonpomp-omgewing is daar twee hoofgroepe naamlik gelykstroom- en wisselstroompompe.


Gelykstroompompe kan direk aan die sonpanele gekoppel word en kan vinnige veranderings in die uitset van die sonpanele met gemak hanteer. Die tipe pompe word veral gebruik by vlakker boorgate en boorgate met lae verbruiksyfers, tipies is die pompe kleiner as 1kW.

Tipiese gebruike vir gelykstroompompe is:

- Vee-waterpunte
- Wild-waterpunte
- Klein huishoudings

Vir groter toepassings word wisselstroompompe aanbeveel, die standaard groottes wissel van 1kW tot 10kW maar spesiale ontwerpe vir groter toepassings kan ook geïmplementeer word. Selfs drie-fasepompe kan op die wyse deur sonkrag aangedryf word.

Wisselstroompompe kan boorgate hanteer tot op 'n diepte van 180m en met 'n kapasiteit van 500 000 ℓ/dag. Soos met gewone sonstelsels word die pompe deur 'n omsetter aan die sonpanele gekoppel. Maar in dié geval is dit 'n spesiale omsetter met die vermoë om die pomp se spoed vining te kan aanpas by die beskikbare uitset van die sonpanele. Sodoende word die pomp beskerm teen kragskommelinge as gevolg van wisselvallige weersomstandighede.




Tipiese gebruike vir wisselstroompompe is:

- Groter waterpunte
- Besproeiingskemas - spilpunte, drupbesproeiing
- Huise
- Kantore

Dus kan die implementering van sonpompe 'n daadwerklike bydrae lewer tot die verbetering van produsente se winssyfers aan die einde van die jaar, met die byvoordeel dat dit goed is vir die omgewing waarin ons woon. Die implementering van 'n sonpompstelsel kan jou onderskei as 'n "groen" produsent en ook sorg vir meer "groen" in jou sak.





# Marietjie Grobler
# Van die weste, vir die geweste

DIE NUWE LANDBOU-BESIGHEIDSBESTUURDER IN DIE NOORDWES DORPIE VAN SCHWEIZER-RENEKE IS MARIETJIE GROBLER. MARIETJIE IS DAAROP UIT OM DIE GEBIED IN 'N HINTERLAND GEBIED TE OMSKEP.

« AUBREY KRUGER

Marietjie is in Delareyville gebore en het grootgeword op haar ouerplaas Springbok, wat tussen Schweizer-Reneke en haar geboortedorp geleë is. Sy het ook laerskole in die omliggende Migdol en Delareyville bygewoon en in 1982 by Hoërskool Schweizer-Reneke gematrikuleer.

Haar 19 jaar in die landboubedryf en die feit dat sy van die area is, is van kardinale belang en kan sy groot waarde toevoeg. "My sterkste punt is juis dat ek baie mense in die gebied ken," sê Marietjie. Dan het sy ook saam met baie van die produsente hier skoolgegaan. En omdat sy uit die landboubedryf kom, is sy vinnig besig om landboubesigheidsnetwerke te vestig.

Haar hooftake behels om insette soos saad, kunsmis, diesel en gifstowwe aan die produsente te verskaf. Dan ook om produksiefasiliteite in plek te kry. Vir haar is 'n goeie verhouding met produsente en uitstekende diens absoluut kritiek. 'n Ander aspek wat vir haar ononderhandelbaar is, is integriteit. En dit is presies wat klante van haar kan verwag.

Sy is in vir die lang duur. Sy was vir 15 jaar by Senwes werksaam - so sy ken die landboubedryf. Sy het ook op 2 Julie vanjaar 29 jaar van getroude lewe met haar man Johan gevier. In 2018 is dit hul 30ste, oftewel pêrel-huweliksherdenking. Johan is self in die landboubedryf en is die hoof van groep korporatiewe bemarking en kommunikasie by Senwes. Hulle het twee kinders, Janelle (28) en Marnus (26). Janelle is met 'n produsent van die Wes-Kaap en rugbyspeler, BG Uys, getroud.

1 Junie is nog 'n belangrike dag in haar lewe. Dit is die dag waarop sy gebore is, asook die dag waarop sy by Senwes begin werk het, en op 1 Augustus het sy 'n



nuwe tydvak binnegegaan toe sy as landbou-besigheidsbestuurder by Hinterland begin het.

Spanwerk is hier van die uiterste belang. Sy steun baie op takbestuurder Waldo Venter, sleutelrekeningbestuurder Johann Olivier en bestuurder insetverskaffing Kevin Smit. Sy glo dat "jy nie vir iemand werk nie, jy werk saam met hulle." So kan produsente verseker weet dat Marietjie altyd saam met hulle aan die toekoms sal skaaf.





# SENWES PRODUSENTE deel in die voordele van AgriRewards

OPBRENGS OP LOJALITEIT

DIT IS NOU PRESIES 'N JAAR SEDERT SENWES DIE AGRIREWARDS UITGESTELDE BONUSSKEMA OP VERSKEIE PLATFORMS, ASOOK IN DIE *SENWES SCENARIO* TYDSKRIF GELOODS HET.

« AUBREY KRUGER

Met die 2016/2017 seisoen op sy rug, het talle Senwes produsente wat graan oor die afgelope jaar gelewer het, al vir die uitgestelde bonusskema geregistreer. Die aantal produsente groei steeds en AgriRewards is werklik 'n treffer onder graanprodusente sedert Pierre van Eeden, van die plaas Heuninglaagte in die Edenville distrik, die heel eerste produsent geword het om aan te sluit. Daar is reeds oor hom berig in die Desember 2016/Januarie-uitgawe van 2017 *Senwes Scenario*.

## R52 MILJOEN WORD TOEGEKEN

Senwes kan ook nou met trots aankondig dat die direksie 'n bedrag van R54/ton aan elke geregistreerde graanprodusent toegeken het vir alle graanlewerings by Senwes silo's. Dit beteken dat Senwes 'n bedrag van R52 miljoen vir die 30 April 2017 finansiële jaar toegeken het.

Hierdie Senwes AgriRewards uitgestelde bonusskema bied aan alle klante van Senwes Grainlink die geleentheid om goeie uitgestelde bonusse te verdien en om die voordeel daarvan te kan benut. Goeie nuus is dat die bonus ook jaarliks sal akkumuleer tot die mate waartoe die klant besigheid met Senwes doen.

Dié vrywillige skema kan vir deelnemende klante wat hulle graan by Senwes se silo's lewer, 'n addisionele bedrag per ton in die sak bring vir alle grane en oliesade wat gelewer word.

Die basis van die AgriRewards voordele en deelname deur ander besigheidseenhede in die toekoms sal jaarliks deur die direksie bepaal en afgekondig word. Klante sal ook die opgelope bonusvoordele kan aanwend as sekuriteit vir addisionele kredietfasiliteite by Senwes Credit en sal sodoende hul beleggings optimaliseer.

## SELFS MEER KLANTE VIND BAAT IN 2018

Besighede wat vir die 2018 finansiële jaar kwalifiseer, sluit in graanverkope aan Senwes, graanlewerings aan Senwes silo's, aankope van nuwe heelwerktuie, onderdele en die gebruik van werkswinkels by Senwes, asook rentedraende transaksies by Senwes Credit. Enigeen wat met hierdie bedrywe besigheid doen, kwalifiseer vir deelname.

## MAKLIKE REGISTRASIE

Die gebruiksvriendelike uitgestelde bonusskema bied 'n maklike registrasieproses, asook toegang vir klante op elektroniese platforms, wat onderhewig is aan die aanvaarding van die terme en voorwaardes.

Indien daar ander klante is wat vir AgriRewards in aanmerking wil kom, kan hulle die maklike registrasieproses volg.

Om te registreer, besoek net die volgende skakel: **www.agrirewards.co.za**, waar nog meer besonderhede beskikbaar is.

'n Ander maklike opsie vir registrasie is om AgriRewards en jou ID-nommer te sms na 31022. Alternatiewelik kan jy jou naaste graanverkryger of sleutelrekeningbestuurder kontak. Registrasie vir die bonus vir die April 2018 finansiële jaar sluit op 31 Maart 2018.

Senwes beloon sy lojale klante op dié manier. Word deel van hierdie uitgestelde bonusskema, word deel van Senwes AgriRewards!

*Deelname is nie outomaties nie en klante moet spesifiek vir die skema registreer. Indien u vir die 2017 finansiële jaar geregistreer het, sal u outomaties vir die 2018-toekenning kwalifiseer, tensy u spesifiek deregistreer.

# Jaco Vosloo: agtermekaar werkende voorman



JACO VOSLOO IS NET DIE REGTE PERSOON VIR ALLE SENWES EQUIPMENT KLANTE EN VOORNEMENDE KLANTE IN DIE SCHWEIZER-RENEKE-GEBIED.

« AUBREY KRUGER

Die agtermekaar werkende voorman is daarop uit om die klandisie te behou en die weg te baan vir 'n rooskleurige toekoms vir klante by Senwes Equipment.

Die 35-jarige het 'n span van agt personeel wat homself, twee ander tegnici, Jaco Holloway en Gerrit Meyer, insluit asook leerling tegnikus Jaco Janse van Rensburg. Deel van die span sluit ook werkkaartklerk Christal de Lange en algemene werkers William Mogale, Johannes Marumo en Basie Headman in.

Jaco vertel dat hulle 'n top diens lewer, goed opgeleide tegnici in diens het, en altyd daarna strewe om selfs nog beter diens te bied. Probleemoplossing is die kruks: "As 'n klant 'n probleem het, los ons dit vir hom op. En dan skakel ons die probleem vir die toekoms uit."

Jaco het ook baie ervaring - hy werk reeds sedert 2016 as werkende voorman by Senwes Equipment in Schweizer-Reneke. Daarop het hy ook amper nog 'n dekade se ondervinding agter sy naam waar hy by Suidwes werksaam was.

Hoewel hy in Klerksdorp gebore is, is hy in murg en been deel van die distrik en het self Laer- en Hoërskool Schweizer-Reneke bygewoon, waar hy in 1999 gematrikuleer het.

Hy beskryf die produsente in die gebied as vriendelik, hulpvaardig en absoluut fantastiese mense. "Soos 'n boeregemeenskap moet wees," sê hy passievol.

Jaco is ook deur-en-deur 'n gesinsmens en is al 13 jaar met Louise getroud. Hulle het drie kinders Jaco (11), Stephanie (10) en Leanie (4).

Oor die toekoms sien Jaco uit na nog vele jare diens by Senwes Equipment, waar hulle sal aanhou om uitstekende diens te lewer, en die belofte om alle struikelblokke uit die weg te ruim, sal nakom. En wat meer as dit wil 'n klant nou hê!



BLOU BETEKEN

# SLIM ONTWERP VERMINDER BEWERKINGS

## SOLITAIR 9




Veelsydige metereenheid kan maklik ook kanola, sojabone, tef en ander fynsade hanteer

## SOLITAIR 9 MET RUBIN 9




By LEMKEN loop elke plantskottel soos 'n planterkarretjie

Die Solitair 9 van LEMKEN lewer nie net op sy eie puik resultate by die saai van fynsade nie, maar verminder bewerkings wanneer hy met verskeie LEMKEN implemente verbind word. Elektriese metereenhede en druklugverdeling verseker akkurate plasing teen hoë spoed. Deur in een gang die grond te bewerk en te plant beteken dat die boer die saad vinniger in die optimale plantvenster kan inkry.

- Werkwydtes van 3 tot 6 m
- Ry-afstande van 12,5 of 15 cm
- Hoë presisie teen hoë spoed
- Volg grondkontoere uiters goed

Kontak jou naaste areaverkoopsbestuurder om meer oor LEMKEN uit te vind

**Karel Munnik, direkteur + areaverkoopsbestuurder, 082-412-2577, k.munnik@lemken.com**
**Blackie Swart, areaverkoopsbestuurder, 082-404-9651, b.swart@lemken.com**

LEMKEN
The Agrovision Company



*Willie Weich het eerbewys as Streekverteenwoordiger van die Jaar ontvang. Hier is hy in die middel by Senwesters Corné Kruger (Groep Hoof Finansiële Beampte) en Danie Minnaar (Voorsitter van die Senwes Direksie) met Vrystaat Landbou se Dan Kriek (President) en Henk Vermeulen (Uitvoerende hoof) heel regs.*

# Wenners gekroon by 2017 Vrystaat Landbou Jaarkongres

VANJAAR IS DAAR 'N HELE PAAR WENNERS GEKROON BY DIE 2017 VRYSTAAT LANDBOU JAARKONGRES AAND-FUNKSIE IN BLOEM-FONTEIN, WAT VIR DIE SOVEELSTE JAAR DEUR SENWES GEBORG IS.

« AUBREY KRUGER

Willie Weich het die eerbewys as Streekverteenwoordiger van die Jaar ontvang. Oorkondes is aan Gert Nel en Jack Armour toegeken. Hierdie eerbewyse en oorkondes is as dankbetuiging vir die uitnemende diens wat hulle in hul hoedanigheid aan die landbougemeenskap gelewer het.

In die Boerevereniging van die Jaar kompetisie was daar ook 'n taai stryd.

Hier het Agri Hertzogville uiteindelik met die titel as Boerevereniging van die Jaar weggestap. Marius en Tania Groenewald het die titel namens die boerevereniging in ontvangs geneem. In die tweede plek was Karee Boerevereniging met Miekel van Dyk (Voorsitter), Willie Junior Maas (Ondervoorsitter) en Riana Lourens wat die sertifikaat in ontvangs geneem het. Steynsrus Boerevereniging het die derde plek verower, met Voorsitter Frikkie Richter wat die sertifikaat in ontvangs geneem het.

Hierdie boereverenigings het hulle onderskei as pilare van die gemeenskap waarin hulle funksioneer. Hulle het in landbouverwante aangeleenthede uitgeblink, asook vir hul samewerking met belanghebbende rolspelers soos die SAPD, munisipaliteite, landboubesighede en regeringsdepartemente. Hulle is ook betrokke by projekte buite die landbousektor soos skole, bejaardes, welsyn, skoue en by opkomende produsente.

Senwes is trots om vir jare al deel van hierdie Vrystaat Landbou se jaarkongres en Aandfunksie te wees en wens elk van die wenners geluk met die spesiale eerbewyse wat hulle ontvang het. Julle is voorwaar steunpilare in die landbousektor!

*Jack Armour (links) en Gert Nel het oorkondes ontvang as dankbetuiging vir hul uitnemende diens.*





*Tania en Marius Groenewald met Agri Hertzogville se toekenning as Boerevereniging van die Jaar.*

# TOP DIVERSE IMPLEMENTE

# SPESIALE AANBIEDINGE

Basie Jordaan: 083 447 3379 • Antoon Smalberger: 082 806 4844

## AGRICAD

| | | Prys/eenheid BTW uitgesluit |
|---|---|---|
| 3893 \| 3897 | A BF073 TAPKAR | **R201 000,00** |

## BPI

| | | Prys/eenheid BTW uitgesluit |
|---|---|---|
| 5544 \| 5560 | BP GRONDBOOR | **R19 700,00** |
| 5545 \| 5558 | BP GRONDBOOR | **R19 700,00** |
| 5541 \| 5540 | BP 9T TILLER | **R17 000,00** |
| 5530 \| 5531 | BP 7T TILLER | **R24 500,00** |
| 5571 \| 5569 | BP 6RY ENKEL | **R44 000,00** |
| 5570 \| | BP 6RY ENKEL | **R44 001,00** |
| 5528 \| 5529 | BP 5T TILLER | **R21 000,00** |
| 5534 \| 5535 | BP 3F PLOUGH | **R21 500,00** |
| 5532 \| | BP 33T TILLER | **R46 000,00** |
| 5575 \| | BP 2B SLASHER | **R21 000,00** |
| 5542 \| 5543 | BP 2.1M GRADER | **R28 000,00** |
| 5554 \| 5555 | BP 2.1M GRADER | **R28 000,00** |
| 5557 \| | BP 2.1M GRADER | **R28 000,00** |
| 5536 \| 5537 | BP 16D OFFSET | **R24 000,00** |
| 5546 \| 5550 | BP 2T TRAILER | **R31 500,00** |
| 5551 \| 5547 | BP 2T TRAILER | **R31 500,00** |
| 5549 \| 5548 | BP 2T TRAILER | **R31 500,00** |
| 5552 \| | BP 2T TRAILER | **R31 500,00** |
| 5539 \| 5538 | BP 5T TRAILER | **R50 000,00** |

## FALCON

| | | Prys/eenheid BTW uitgesluit |
|---|---|---|
| 5464 \| | F S0025 ZAM1001 | **R107 000,00** |
| 5462 \| | 1500L TWIN ZAM 1501 | **R136 000,00** |
| 5461 \| 5460 | F BALE FORK | **R5 376,00** |
| 5450 \| | F80/180/2 EV HAYMAKER | **R42 000,00** |

## FLINTCO

| | | Prys/eenheid BTW uitgesluit |
|---|---|---|
| 3417 | FERTO 2017-C | R295 000,00 |
| 3876 | XFERT TOEDIEN P | R580 000,00 |
| 4734 | RU PRE-PLANT | R1 060 000,00 |
| 5012 | XFERT TOEDIEN R | R523 000,00 |
| 4732 | RU XMR RIPPER | R317 000,00 |
| 4733 | RU XMR RIPPER | R426 000,00 |

## LEMKEN

| | | Prys/eenheid BTW uitgesluit |
|---|---|---|
| 4288 \| | L RUBEN 9 3M | **R 250 000,00** |

## MF PRODUKTE

| | | Prys/eenheid BTW uitgesluit |
|---|---|---|
| 3811 | MF Hamermeul petrol | R8 100,00 |
| 3836 | MF Hamermeul petrol | R8 100,00 |
| 3831 | MF Dorsmasjien elektries | R6 500,00 |

## ROVIC & LEERS

| | | Prys/eenheid BTW uitgesluit |
|---|---|---|
| 2546 | WEIDINGS PLOEG 7 TAND | R95 000,00 |
| 2879 | GA300GM GYRORAK | R49 000,00 |
| 3863 | RL SLEEPPLANTER | R150 000,00 |
| 3862 | RL 6RY MIN TILL PLANTER | R524 000,00 |
| 3856 | RL MAXIMA 6RY PLANTER | R385 000,00 |
| 3855 | RL MAXIMA 4RY PLANTER | R284 000,00 |
| 3873 | RL PS160 ORGANIC & LIME SPREADER | R630 000,00 |

Finance and delivery available
Finansiering en aflewering kan gereël word
Terms and conditions apply • Terme en voorwaardes geld
While stocks last • Terwyl voorraad hou

KLERKSDORP HOOFKANTOOR, SENWES BEPERK,
CHAREL DE KLERKSTRAAT 1, KLERKSDORP

JOU VISIE, *ons passie.*

Senwes equipment — BREEK NUWE GROND



Danie Minnaar en Francois Strydom van Senwes deel in gesprek met Johannes Moller, president van Agri SA.

# Agri NW Kongres 2017 Senwes was daar

"Volhoubaarheid deur eiendomsregsekerheid en verhoogde produktiwiteit" was Agri Noordwes se kongrestema vir 2017.

By die geleentheid het onder andere Johannes Möller, Omri van Zyl en Annelize Crosby van Agri SA, sowel as regter Antonie Gildenhuys die leier produsente van die Noordwes toegespreek. Annelize het die volgende advies aan lede van Agri NW gegee:

- Kies jou organisasie versigtig en gee dit jou volle steun;
- Moenie van stryk gebring word deur politiekery, bangmaakpraatjies en halwe waarhede nie;
- Wees ingelig;
- Wees proaktief;
- Bou verhoudings op alle vlakke.

Van die kongresbesluite wat geneem is, sluit in: gereelde en direkte kommunikasie met lede; beïnvloeding van regeringsbeleid om eiendomsregsekerheid te bevorder; aanmoediging van private besitreg van kommunale grond; ondersteuning van 'n grondhervormingsplan wat 'n stabiele en lewensvatbare landbousektor as hoofdoel het.

Verdere besluite behels die verbetering van paraatheid en veiligheid op plaaswerwe; die ondersoek vir die vestiging van Landboubank en steun vir Agri SA se "slim-ramphulpverleningsplan".

Dit was vir Senwes 'n voorreg om as borg betrokke te wees by dié bedryforganisasie wat sy klante bedien.

# Wen 'n T20-krieketervaring by Senwes Park

Een en vyf addisionele persone van sy keuse kan 'n lekker T20 krieketervaring wen wanneer die Proteas op 29 Oktober vir Bangladesh op Senwes Park die stryd aansê. Die prys sluit in ses kaartjies vir die wedstryd op Senwes Park, een aand se verblyf en ontbyt by Elgro Hotel in Potchefstroom en R1 000 se eetbewys by Mike's Kitchen in Potchefstroom.

Al wat jy moet doen om in te skryf is om die sleutelwoorde Senwes Park asook jou e-posadres voor 26 Oktober te sms na 31022.

Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisiereëls, besoek die webtuiste www.senwes.co.za.

Elgro Hotel •CONVENTION CENTRE•

MIKE'S KITCHEN ...it's family time

## Hope krieketaksie in 2017/2018 by Senwes Park

Krieketgeesdriftiges kan uitsien na 'n aksiebelaaide 2017/2018 seisoen by Senwes Park in Potchefstroom.

Benewens die internasionale wedstryde tussen die Proteas en Bangladesj kan aanhangers kan ook uitsien na die vier-dag Sunfoil wedstryd wat tussen 12 en 15 Oktober tussen die Bizhub Highveld Lions en die VKB Knights plaasvind, met nog driedag en eendag Sunfoil wedstryde van Noordwes wat in November plaasvind.

Die Suid-Afrikaanse toer van Engeland en Namibië se onder-19 spanne vind ook in Desember by Senwes Park plaas. Die Momentum Eendagbeker vind aan die einde van Desember en in die Nuwejaar plaas, met die Bizhub Highveld Lions wat in aksie is. Krieket Suid-Afrika se T20 uitdaagreeks sal in Maart 2018 plaasvind, met die Bizhub Highveld Lions.

Vir meer inligting kontak Noordwes Krieket by 018 294 6666 of besoek die webtuiste *www.nwcricket.co.za*.




**Nou beskikbaar by jou naaste Agri-winkel.**

Sasol Chemicals, a division of Sasol South Africa (Pty) Ltd.

www.sasol.com

sasol



*Die modeltrekker passie begin al van kleins af! Wian Papenfus en Werner Erasmus se keuse is groen, John Deere groen.*

*Bothaville Senwesters Johan Papenfus (verkoopsman) en Luan du Toit (onderdele bestuurder) beman die John Deere klerewa.*



# SAMTA: Die tuiste van modeltrekkers in SA

**PRODUSENTE LEEF HULLE PASSIE UIT**

Die Suid-Afrikaanse Modeltrekker Assosiasie (SAMTA) vier vanjaar ’n volle 28 jaar van passie vir modeltrekkers. *Senwes Scenario* het aan die einde van Augustus ’n behoorlike trekkerdraai by hul derde saamtrek van 2017 by die Buenos Aires Trouvenue naby Bothaville gemaak.

Met baie modeltrekkers en amper net soveel entoesiaste vir dié stokperdjie teenwoordig, was dit as getroue Senwester goed om te sien dat John Deere ook onder die talle speelgoed te siene was.

Hier kry jy lekker pitkos met talle uitstallings van modelle te kies en te keur, asook hope trekkernuus en ’n veiling van hoogstaande gehalte, asook een vir die kinders. Tydens die veiling is ’n totaal van 117 items opgeveil. Die laaste was ’n paar geskenkte hoede waarvan die opbrengs ten bate van die droogtehulpfonds vir die Wes-Kaap was.

Die bestuur vertel dat hier nie slegs modeltrekkerversamelaars is nie, maar ook lede wat modelkarre versamel. En nie almal is produsente nie. Hierdie manne het ’n ongekende passie vir modeltrekkers met talle modelle van baie fabrikate wat hier uitgestal word.

**PRODUSENTE EN SENWESTERS**

Baie lede is Senwes-produsente, wat van heinde en verre gereis het om die saamtrek by te woon. Onder hulle was die 2017 Vrystaat Jongboer van die Jaar, wat op die Junie/Julie voorblad gepryk het, Johan van Huyssteen, asook sy pa, Johan senior, ons fokusprodusent in die Oos-Kaap in die vorige uitgawe, Groen Karel Bezuidenhout van Elliot, Herman Cawood van Bothaville, die SAMTA voorsitter, Frans Jacobs van Theunissen en nog vele meer.

Daar is selfs Senwesters wat klublede is! Graanbemarkingsadviseur, Johan Botha, is ’n gekoöpteerde lid van die bestuur en Eddie Morrison, wapenkenner en hoof van winkelverkope by Bothaville, is ook ’n lid. Selfs die John Deere-klerewa het tydens hierdie geleentheid uitgestal, met Bothaville Senwesters Johan Papenfus (verkoopsman) en Luan du Toit (onderdelebestuurder) wat die wa beman het.

**MEER OOR SAMTA**

SAMTA is in 1989 gestig en het sowat 176 lede landswyd met baie wat hier teenwoordig was. Frans Jacobs is die voorsitter en hulle moes onlangs afskeid neem van die sekretaris, Jeep Veenstra. Die klub vergader vier keer ’n jaar en die jaargelde beloop R100 per lid, met R200 ekstra indien jy elke keer ’n kopie van *Mini-Trekker Nuus* wil ontvang. Hoewel baie dink dat hulle simpel is, sê Jacobs: “Ons is ’n lekker groep mense met dieselfde passie en doel voor oë.”

Vir meer inligting oor die klub of indien jy by hierdie klub wil aansluit, kontak Frans Jacobs (voorsitter) by 082 921 2520, Dirk de Koster (vise-voorsitter en veilingmeester) by 082 566 1445 of Johan Botha (gekoöpteerde lid) by 083 301 8933.



*Die bestuur van SAMTA is Frans Jacobs (voorsitter), Johan Botha (gekoöpteerde lid), Dirk de Koster (vise-voorsitter en veilingmeester), Chris Alers (gekoöpteerde lid: Mini-Trekker Nuus) en Stephan Wium (gekoöpteerde lid: veilings en administrasie) met Thinus de Mon (gekoöpteerde lid: veilings en administrasie) wat afwesig was met die neem van die foto.*


Jy glo ...
Jy glo in elke hektaar, elke saad en elke gewas. Jy glo in die toekoms van landbou. Jy glo in die harde werk wat jy moet insit en die toewyding wat die dag van môre se opbrengs van jou verg.
By Monsanto glo ons.
Ons glo daarin om jou toe te rus met die regte tegnologie, innoverende produkte en uitmuntende diens. Sodat ons saam opbrengste kan verhoog, volhoubaarheid kan fasiliteer en voedsel vir die toekoms kan produseer. Daarom wil Monsanto jou bystaan: van sonsopkoms tot sonsondergang.
Ons glo in jou.
MONSANTO®
Monsanto is 'n geregistreerde handelsnaam van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.
011 790-8200
customercare.sa@monsanto.com
www.monsanto.com
www.facebook.com/MonsantoCo
www.twitter.com/MonsantoCo
news.monsanto.com/rss
uppe marketing 14860

# Reënvalvooruitsigte vir die volgende maande

JOHAN VAN DEN BERG
SANTAM LANDBOU

**HUIDIGE TOESTANDE**

Die eerste ligte somerreënval het sedert die tweede gedeelte van Augustus oor die oostelike en noordoostelike dele van die somerreënvalgebied voorgekom. Verdere ligte neerslae het ook oor die Wes- en Suidkaap voorgekom, maar dit was nie voldoende om die droogte te breek nie. Augustus is gekenmerk deur baie sterk en aanhoudende winderige toestande oor die grootste deel van die land wat "normaal" is vir dié tyd. Dit is tipies van die oorgang van seisoene met koue fronte wat baie vinnig oor die land beweeg het.

In Oktober is daar steeds 'n gevaar van ryp en koue toestande vir koring en vrugte in veral produksiegebiede soos die Noord-Kaap se besproeiingsgebiede. Somergewasaanplantings gaan eers vanaf Oktober begin plaasvind.

**EL NIÑO EN INDIESE OSEAAN**

Luidens die nuutste voorspellings gaan neutrale of gemiddelde see-oppervlaktemperature in die Sentrale Stille Oseaan (beslis nie El Niño nie) steeds tot ten minste die einde van die jaar heers.

Indien dit sou gebeur, lyk dit byna na dieselfde patroon as in 2016/17. Die Suidelike Ossilasie Indeks (SOI) wat 'n klimatologiese aanduiding is van die stand van see-oppervlaktemperature in die Stille Oseaan, was teen einde Augustus positief wat meer La Niña-neigende toestande aandui.

Die belangrike Indiese Oseaan see-oppervlaktemperature neig ook na neutrale of gemiddelde toestande alhoewel dit nog baie vroeg in die seisoen is en vinnige veranderings nog kan plaasvind.

**REËNVAL**

Min reën word verwag oor die grootste deel van die somerreënvalgebied vir die eerste gedeelte van Oktober. Voorspellings dui egter dat toestande kan verbeter vir reën oor die sentrale tot oostelike dele van die somerreënvalgebied vanaf die tweede gedeelte van Oktober 2017. Met die laaste plantdatums vir mielies in Mpumalanga teen middel November behoort reën betyds te kom, maar dit gaan heel waarskynlik weer sorg dat aanplantings meer na die einde van die plantvenster gaan plaasvind.

Vir die sentrale tot westelike dele lyk dit asof plantreën betyds behoort voor te kom voor die einde van November. Alhoewel grondwatertoestande dalk nie optimum is nie, is dit baie beter as verlede seisoen die ooreenstemmende tydperk en kan 30-100mm in baie gevalle genoeg wees om te kan plant. Met die veranderde neiging meer na Neutrale en selfs La Niña-toestande tesame met redelik goeie grondwatertoestande, lyk die produksiepotensiaal vir somergewasse redelik goed.

Indien reën wel teen die einde van Oktober 2017 begin voorkom oor die somergraangebied, kan dit 'n aanduiding wees van droë en warmer toestande op die tradisionele midsomerdroogtetyd rondom middel Desember tot middel Januarie oor die sentrale tot westelike dele en meer rondom Februarie oor die oostelike produksiegebiede.

In die algemeen lyk dit nie of daar ekstreme droë toestande verwag kan word nie, hoewel daar gewoonlik gedurende 'n seisoen 'n droë en warm periode gaan wees. Die droogste periode behoort nog in die eerste deel van Oktober en in midsomer te wees.

**WAT GAAN ONS PLANT?**

Die oorskot aan veral mielies, plaaslik sowel as internasionaal, het veroorsaak dat graanpryse baie laag is. Daar word bereken dat teen huidige mieliepryse, produsente ongeveer 30-40% bogemiddelde opbrengste moet behaal in 2017/18 om insetkoste te verhaal. Dit is dus krities om nie swakker lande te plant nie en net na goeie potensiaal lande te kyk waar daar seker gemaak word dat goeie opbrengste behaal word. Alhoewel sojabone en sonneblom alternatiewe gewasse is, is dit ook nie 'n opsie om op grootskaal verskuiwings na hierdie gewasse te doen nie, want elke gewas het sy eie unieke produksiepraktyke, probleme en markbeperkings.

Dit is dus uiters belangrik dat die oespotensiaal vanjaar beskerm moet word om bogemiddelde opbrengste te kry. Skade weens droogte, insekte, siektes of hael sal nie bekostig kan word nie.

**VRYWARING**: Die inligting vervat in hierdie verslag word op eie risiko gebruik en die opsteller/Santam of enige ander persoon/instansie genoem in hierdie verslag neem geen verantwoordelikheid vir die akkuraatheid of toepaslikheid/interpretasie van inligting wat in hierdie verslag vervat is nie.

# VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.

KINGJAMES 35937A




Die moderne boer staar talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering. **Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture. Santam. Regte, egte versekering.**

santam landbou

Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).



# Finansiële beplanning vir bejaardes

## DEEL II

LUCAS COETSEE
LIBERTY REGSPESIALIS

### WAT IS DAN DIE OPLOSSINGS?

Daar is basies twee opsies - jy kan aansoek doen by die Hooggeregshof (net die Hooggeregshof het jurisdiksie oor sulke sake) om jou ouer/s onder kuratorskap te plaas. Dit is 'n komplekse en duur proses, wat mediese getuienis vereis asook die dienste van nie net 'n prokureur nie, maar ook 'n advokaat omrede dit 'n hooggeregshof-saak is.

Die ander opsie is om aansoek te doen vir 'n administrasiebevel ingevolge artikel 60 van die Wet op Geestesgesondheid. Dit sal die goedkoper roete wees, maar die administreerder se magte is meer beperk as dié van 'n kurator en dit is dan nodig om deurlopend aan die Meester te rapporteer. Dit kan dus baie tydrowend wees.

'n Moontlike alternatiewe oplossing is om te verseker dat bates in trust gehou word, voordat die ouers sulke ingryping benodig. Die trustees sal dan finansiële besluite kan neem (sonder die hofbevel) tot voordeel van die ouers. Die probleem is dat jy nie weet of dit wel nodig sal wees nie en die koste en belastings daaraan verbonde mag dalk onnodig wees. In 'n situasie waar al die broers en susters emigreer en die ouers agtergelaat word, kan dit die moeite werd wees om hierdie opsie te oorweeg, maar regsadvies moet eers verkry word.

### HOE VOORKOM JY DAT JOU OUERS UITGEBUIT WORD?

Die eerste stap is duidelik dat voorkoming beter is as genesing! Probeer om te verseker dat finansiële sake gereeld met jou ouers bespreek word, sodat die eerste punt van kontak die kinders is. Ondersoek ook al die finansiële adviseurs wat hulle sake hanteer. Namate mense ouer word, kan hulle ook meer geheimsinnig raak. Dit moet dus vroegtydig al gebeur om te verseker dat dit gewoonte is voordat dit te laat is (anders kan die ouers jou eie motiewe begin bevraagteken).



Moenie al die magte aan een broer of suster gee nie. Selfs waar een broer of suster die werk doen, moet die ander op datum gehou word met watter besluite geneem word en hoekom. Dit voorkom enige bedrieglike aktiwiteite en maak ook voorsiening vir kontinuïteit. Sou daardie broer of suster nie meer daardie funksie kan vervul nie, moet die oorgang na die volgende foutlees wees.

As jou ouers se geestesvermoë ontbreek of uiters swak is, probeer om hulle so gou as moontlik in 'n geskikte fasiliteit te kry (en dit vereis GELD - so wees seker wanneer daar met hulle finansies gehelp word, dit in berekening gebring word). Besluit ook, na die nodige regsadvies, tussen die kurator- of administrasieroete. By die hantering van die kind se eie finansiële beplanning moet onthou word dat volgens ons gemenereg, daar 'n wedersydse plig is tussen ouer en kind vir ondersteuning. Daar moet dus seker gemaak word dat ouers se finansiële afhanklikheid in ag geneem word wanneer die kind se eie finansiële beplanning gedoen word.

Die waarheid is egter dat ons almal baie besig is met ons eie lewens en dat ons maklik ons ouers kan verwaarloos. Ongelukkig skep dit 'n omgewing waar die ouers selfs deur familielede misbruik kan word. Selfs as die kinders nie meer in dieselfde land as die ouers is nie, kan gereelde kontak baie probleme voorkom. As jy werklik glo iemand is daadwerklik besig om onwettig met jou ouers se finansies op te tree, lê 'n kriminele klag teen hulle.

LIBERTY
CertiSure


Jou opbrengsvooruitsigte
lyk SONNIG
Saam met jou van
DIE WOORD "GO"
P65LL02
PIONEER
SUNFLOWER
SEED
DUPONT
PIONEER
DIE SAAD VAN SUKSES
Goeie Ontkieming
Beter Groeikragtigheid
Beste Opbrengs
Tel: +27 12 683 5700 | www.rsa.pioneer.com
© 2016 PHII.
Die DuPont Ovaal Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.
®, SM, TM Geregistreerde handelsmerke van Pioneer.

# Glifosaat: Aanwysings moet noukeurig gevolg word

Een van die gewildste en mees algemene middels vir die beheer van grasse en kruidagtige onkruide is glifosaat. Glifosaat werk so goed omdat dit deur die plant se blare en sagte stamme opgeneem word en regdeur die res van die plant vervoer word waar die unieke werking binne-in plante die inhibering van een enkele ensiem behels. Glifosaat is sistemies en beheer net plante en is derhalwe skadeloos vir mens en dier.

**RIGLYNE VIR ONKRUIDBEHEER:**

- Spuit glifosaat op jong, groeiende onkruid.
- Beheer onkruid vroeg in die seisoen voordat dit saad vorm en reproduseer.
- Volg die aanbevelings op produk-etikette.
- Indien 'n onkruid moeilik is om te beheer, wissel onkruiddoders af.

Chemikalieë wat onkruid, plantsiektes en skadelike insekte bekamp word streng in Suid-Afrika gereguleer volgens bepalings van die Wet op Misstowwe, Veevoere, Landboumiddels en Veemiddels (Wet 36 van 1947). Dit verhoed dat gevaarlike of produkte van swak gehalte, op winkelrakke beland.

Dit is belangrik om die aanwysings noukeurig te volg. Nie net vir die beste werking van die produk nie, maar ook omdat die verbruiker se veiligheid afhang van die korrekte gebruik daarvan.

In Januarie 2015 het die Duitse Regering na 'n vier jaar lange evalueringsproses bevind dat dit onwaarskynlik is dat glifosaat gevare vir die mens inhou – mits dit volgens die aanwysings gebruik word.

Verbruikers kan gerus wees dat Monsanto se produkte eers deeglik in laboratoriums en in veldproewe getoets word voordat aansoek gedoen word vir registrasie en dit kommersieel vrygestel word.

**LEES MEER OOR OP DIE WEB:**

- **GMO Answers:** Does glyphosate cause cancer?
- **Glyphosate.eu:** Does glyphosate pose risks to human health?
- **Monsanto.com:** Backgrounder Glyphosate: No evidence of carcinogenicity
- **Monsanto.com:** Key Publications on Glyphosate and Non-carcinogenicity



Roundup PowerMAX® HERBICIDE



Maak staat op suksesvolle onkruidbeheer ...

Met die regte kombinasie en gebruik van Roundup Ready®-produkte.

Suksesvolle onkruidbeheer in **Roundup Ready®**-mielies, -katoen en -soja verg bloot die perfekte kombinasie van puik produkte. Soos Monsanto se **Roundup PowerMAX®** wat deel uitmaak van 'n onoortreflike onkruidbeheerprogram in gewasse.

**Roundup PowerMAX®**:
- Is effektief as enkelproduk of in kombinasie met ander geregistreerde produkte; en
- Waarborg gewasveiligheid.

Roundup PowerMAX® plaas jou in beheer.

**011 790-8200 | www.monsanto.co.za**
Kliënte is welkom om ons op ons kliëntediens-telefoonnommer of e-posadres te kontak: 011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

**Roundup PowerMAX®** bevat glifosaat 540 g/ℓ. Versigtig. Reg. No. L7769 (Wet No. 36 van 1947). Gebruik onkruiddoders op 'n veilige manier. Lees altyd die etiket en produkinligting voor gebruik.

**Monsanto, Roundup Ready®** en **Roundup PowerMAX®** is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

uppe marketing A16958\SS


BATEVERSEKERING
OESVERSEKERING
FINANSIËLE BEPLANNING
BELEGGINGS
MEDIESE FONDSE
WILDVERSEKERING
BEGRAFNISSKEMAS
Reliable • Betroubaar
CertiSure
Brokers • Makelaars
Ernstig oor
u versekering?
Geen speletjies nie.
Betroubaar.
www.certisure.co.za
Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer
Authorised Financial Services Provider
Certisure Hoofkantoor
Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp ▪ Tel: 018 464 7494



# Safex Scenario's met Susari

SUSARI GELDENHUYS

## INLEIDING

Suid-Afrikaanse graanpryse is bekend daarvoor om besonders volatiel te wees weens onsekerheid oor wat die toekoms mag inhou vir die graanmark. Toekomstige voorraadvlakke, invoere, hektare aangeplant en opbrengste is slegs 'n paar van die faktore wat onsekerheid (en dus prysvolatiliteit) in die mark veroorsaak het. Die onlangse oorgang van die ou seisoen met lae voorraadvlakke na die nuwe seisoen met meer gunstige produksieverwagtings, is 'n klinkklare bewys. Hierdie volatiele omstandighede bemoeilik goeie verskansings- en beleggingsbesluite vir alle markdeelnemers. Daar bestaan egter twee algemene hulpmiddels in die vorm van fundamentele analise en tegniese analise, wat sal bydra tot 'n hoër waarskynlikheid van sukses wanneer so 'n besluit oorweeg word.

Fundamentele analise en die basis van tegniese analise is reeds in vorige artikels bespreek. Die vorige paar artikels het gefokus op die gebruik van verskeie instrumente in tegniese analise om sodoende sekere besluite te kan neem. As 'n reël, kan meeste tegniese indikatore meer akkuraat geïnterpreteer word in samewerking met die interpretasie van verhandelingsvolume en opebelang as indikator. Die vorige artikel het gefokus op volume, waar die onderstaande artikel die gebruik van opebelang as tegniese instrument bestudeer.

## OPEBELANG

Opebelang kan gedefinieer word as die totale aantal oop kontrakte van 'n spesifieke kommoditeit. Dus kan dit gesien word as 'n maatstaf van markdeelnemers se belangstelling in die mark. Opebelang word wel hoofsaaklik gebruik in die termynmark, wat dan die opsiemark insluit. Hierdie syfer kan wel verlore gaan soos wat markdeelnemers fokus op die vele ander tegniese indikatore beskikbaar, ten spyte van die belangrike inligting wat opebelang as tegniese indikator inhou.

## BELANGRIKHEID VAN OPEBELANG

Soos reeds opgemerk, bestaan 'n kontrak uit beide 'n koper en verkoper. Die opebelangsyfer verteenwoordig die aantal kontrakte wat aan die einde van 'n spesifieke verhandelingsessie oop is. Opebelang word bepaal deur die totale aantal kopers/verkopers in die mark te neem, en nie die somtotaal van die kopers en verkopers nie. Dus, indien beide die koper en verkoper van die kontrak nuwe toetreders tot die mark is, sal die opebelangsyfer styg met een. Die syfer sal daal met een in die geval waar beide die koper en verkoper uit die mark tree. Indien 'n koper (verkoper) uit die mark tree met die verkoper (koper) wat nuut tot die mark toetree, sal opebelang dieselfde bly.

'n Toename in opebelang beteken in kort dat nuwe geld invloei in die mark in, met die gevolg dat die heersende primêre tendens volgehou sal word. Die teendeel is waar vir 'n afname in opebelang, wat beteken dat kontrakte gelikwideer word en kontant uit die mark gehaal word. Dit dui verder op 'n beëindiging van die huidige tendens. Dus kan opebelang gesien word as 'n leidende indikator van 'n moontlike tendensommekeer.

## SLOT

Deur slegs 'n redelike begrip te hê van die bostaande inligting, is u reeds 'n stappie voor die res. Dit is voordelig om tegniese analise met fundamentele analise te kombineer om sodoende die beste moontlike besluit te kan maak, aangesien 'n breek deur 'n langer termyn ondersteunings- of weerstandslyn gewoonlik gekoppel kan word aan fundamentele vraag- en aanbodfaktore wat verander.

Tegniese prysgrafieke bied analiste die geleentheid om die verhouding tussen vraag en aanbod visueel voor te stel en kan moontlike veranderings in hierdie verhouding deur verskeie tegniese indikatore aangedui word. Die komende artikel fokus op die interpretasie van die wisselwerking tussen prys, volume en opebelang as 'n kombinasie.

Vir meer inligting of om kompeterende opsiepryse op 'n groot verskeidenheid kommoditeite te bekom, skakel gerus vir Susari Geldenhuys by 018 464 7430 of 072 116 9999 of e-pos haar by *Susari.Geldenhuys@senwes.co.za*



# Ken jou Certisure Makelaar

## BRIAN BEETS

AUBREY KRUGER

**WAT DOEN JY BY CERTISURE?**
Ek is 'n makelaar in die korttermynversekeringsektor waar ek spesialiseer in agri-, kommersiële- en wildpolisse. Ek help ook graag kliënte met die persoonlike lyne polisse.

**WATTER AREA DIENS JY EN WAAR IS JY GESETEL?**
Ek diens grootliks die Klerksdorp, Hartbeesfontein, Leeudoringstad, Wolmaransstad en Ottosdal areas en is gesetel in die Hartbeesfontein Hinterlandtak.

**WAAR IS JY GEBORE EN WAAR HET JY GROOTGEWORD?**
Ek is gebore in Klerksdorp en het in Stilfontein grootgeword.

**WAAR HET JY SKOOLGEGAAN?**
Ek het my skoolloopbaan by Laerskool Stilfontein begin en by Hoërskool Stilfontein voltooi.

**WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AAN JOU KLIËNTE SAL GEE?**
Dit sal grootliks wees dat hulle hul versekerde bedrae moet dophou! Vervanging van goedere het in die laaste tyd baie verhoog en sou die bedrae nie voldoende wees nie, kan dit 'n slegte nasmaak in die mond los.

**HOE SIEN JY JOU TOEKOMS BINNE DIE MAATSKAPPY?**
Ek is hard besig om myself as een van Certisure se groter makelaars te vestig.

**WAT DOEN JY IN JOU VRYE TYD, HET JY ENIGE STOKPERDJIES?**
Ek geniet die buitelewe en jag, vang vis of kamp graag.

**FAMILIE?**
Ek is getroud met 'n wonderlike vrou, Alanda, en het 2 kinders, Lehanke en Ryan, vir wie ek berge sal versit.







Die alles-in-een saadverskaffer

Voersorghum



- All Sweet: Ultra-laatblom sorghum x sudan baster
- BMR: Sorghum (BMR) x sudan
- Jumbo: Ultra-laatblom sorghum x sudan baster
- K2 Sudan: Sudan x sudan
- Nutritop Plus: Ultra-laatblom soet-sorghum (BMR) x sudan
- PAC 8288: Sudan baster
- Sentop: Sorghum x sudan
- Sugargraze: Soet-sorghum x soet-sorghum baster
- Sweet Green: Soet-sorghum x soet-sorghum baster
- Babala: Pennisetum
- Nutrifeed: Pennisetum baster

Posbus 159, Oudtshoorn, 6620, Suid-Afrika • Tel: 044 203 9800 • Tel: 018 293 1233 • Tel: 010 140 0839 • Tel: 012 252 6849 • www.saadbemarking.co.za
Verdien gratis AgriBonus punte eksklusief verkrygbaar vanaf K2 Saad. KKSB is 'n vennoot van Agribonus. Tel: 012 843 5660.

# Fokusgroepe was deel van tydskrifnavorsing

In die volgende fase van die *Scenario* navorsing is indiepte studies met fokusgroepe onder Senwes produsente gedoen, wat Vrystaatse dorpe en stede ingesluit het soos Bothaville, Wesselsbron, Bloemfontein en Kroonstad, asook Potchefstroom in die Noordwes en Hartswater in die Noord-Kaap.

Senwes Scenario het die fokusgroep in Hartswater besoek waar Lida Groenewald van die onafhanklike maatskappy, MarkData, die fokusgroepe gelei het. By hierdie fokusgroep was daar vyf produsente wat hulle opinies en insette met ons gedeel het. Hier is die tydskrif, soos tydens die ander fokusgroepe en honderde telefoniese onderhoude, uit verskeie oogpunte bespreek en was dit goed om die reaksie van produsente eerstehands te ervaar.



*Die Hartswater fokusgroep is bygewoon deur die volgende produsente: Grobbie Pienaar, Jaco Vermeulen, Marli Grobbelaar, Wessel van der Merwe en Sarel Viljoen.*

Die navorsingsproses is al ver gevorder met vraelyste wat vroeër in 2017 opgestel is, sms'e wat in Juliemaand uitgestuur is, fokusgroepe wat gekonsulteer is en honderde telefoniese onderhoude wat in Septembermaand ten einde geloop het.

## NAVORSING IS TOEKOMSGERIG

Navorsingsresultate gaan nou deeglik bestudeer word en in 2018 in werking gestel word. Weereens baie dankie vir al ons produsente se insette. Dit word opreg waardeer en verseker dat ons aan ons gewaardeerde Senwes Scenario lesers se behoeftes voldoen.







# 'n Leegte in jou bestaan

**LEES:** Prediker 2:1-11

DS. CAREL BOTMA

WANNEER 'N MENS NA PREDIKER 2:1 TOT 11 KYK, ONTMOET ONS 'N MAN WAT GROOT ONDER-NEMINGS AANGEPAK HET - HY HET WINGERDE AANGEPLANT EN HUISE GEBOU. 'N MENS TEL AMPER 'N DRINGENDE ONDERNEMINGSGEES OP AS JY SIEN HOE HY TUINE, PARKE EN VRUGTE-BOORDE AANGELÊ EN LEIDAMME DAARVOOR GEBOU HET.

Ek is seker dat so 'n persoon groot bewondering en respek by sy omgewing sou afdwing en dat hy aan die einde van sy lewe met groot genoegdoening kon terugkyk na alles wat hy vermag het. Maar dan word ons verras in vers 11: "Maar toe ek goed nadink oor alles wat ek gedoen het en oor alles waarmee ek my met soveel sorg besig gehou het, het ek gesien dat alles niks was, 'n gejaag na wind. In hierdie wêreld bevredig niks". Nie eens wyn nie!

Net in die vorige gedeelte het ek gepraat oor die ontevredenheid en onvergenoegdheid waarmee ons so dikwels worstel. Dit is iets wat ervaar word deur mense wat minder het, maar ook deur diegene wat baie het. Ja, daar is goeie oeste en die vee is vet. Dit gaan goed by die werk en my besigheid toon goeie winste. Die kinders presteer goed op skool. Almal in die huis is gesond en ons gaan gereeld met vakansie. Maar tog maak niks my meer regtig bly nie - nie eens meer 'n duur geskenk nie. Dit is asof daar die hele tyd iets kort en jy kan jou vinger nie daarop lê nie. Jou lewe voel leeg, nutteloos en doelloos. Alles is gegiet in 'n vervelige en dodelike siklus. En soms kom lê 'n vreemde weemoed en hartseer oor jou. Die antwoord: Jy soek dalk na inhoud in jou lewe!

Toe ek 'n tyd gelede die aard van stres aan jou verduidelik het, het ek onder andere gesê dat die mens voortdurend bronne (voorwerpe, besittings, mense, gesondheid, ensovoorts) bymekaarmaak en hierdie bronne baie belangrik is, want dit bepaal nie net jou plek in die samelewing nie, maar ook jou identiteit. Op sigself is daar niks mee verkeerd nie, maar die probleem kom in wanneer jou bronne die enigste bepaler van jou identiteit word. Meer nog, ons raak koorsagtig in die vermeerdering van ons bronne, want dit maak ons meer aanvaarbaar vir die gemeenskap. En wanneer diewe, siekte, droogte, dood, ensovoorts dreig om jou bronne te verminder of selfs te vernietig, dan word jou identiteit, jou aanvaarbaarheid vir die samelewing en dan by implikasie ook jou plek in die samelewing, bedreig. En dit maak die mens geweldig angstig! Die voortdurende risiko om die belangrike bronne in jou lewe te verloor en daarom ten alle koste te probeer beskerm, is so uitputtend dat jy die gevaar staan om emosioneel uit te brand. Jy is so moeg gepresteer!! Alles is 'n gejaag na wind... in hierdie wêreld bevredig niks.

Op 'n dag vra mens jouself die verdoemende vraag: Wie is ek werklik? Ek was die heeltyd so besig om my identiteit te bou rondom dit wat sosiaal aanvaarbaar was, dat my ware identiteit nooit die geleentheid gehad het om spontaan te ontwikkel nie. En wanneer die mens aan sy identiteit ontbreek, is sy lewe leeg. Die lewe het sy sin, rigting en betekenis verloor. En niks kan dit volmaak nie. Jy bevind jou op 'n eensame pad…





# September 2017: Markverwikkelinge

THYS GROBBELAAR
SENIOR GRAANANALIS, SENWES GRAINLINK


Artikel geskryf 9 September 2017

DIE DOEL VAN DIE ARTIKEL IS OM 'N BREË MARKOORSIG VAN DIE BELANGRIKSTE GRANE EN OLIESADE TE GEE, AANGESIEN DAAR 'N REDELIKE TYDSVERLOOP TUSSEN DIE SKRYF VAN DIE ARTIKEL EN DIE PUBLIKASIE DAARVAN IS.

## Prysdrywers in die graan- en oliesademarkte

### INTERNASIONALE BEÏNVLOEDINGSFAKTORE:


**Wisselkoersbewegings:**
Die rand/dollar wisselkoers het 'n wesenlike effek op al die Suid-Afrikaanse kommoditeitspryse, aangesien die veranderlike gebruik word in die berekening van die in- en uitvoerpariteit van die onderskeie gewasse. Die plaaslike kommoditeitspryse vorm gewoonlik tussen die berekende in- en uitvoerpariteit, afhangende van die berekende oordragvoorraad teen die einde van die bemarkingseisoen. Met elke een sent versterking van die dollar teenoor die rand verlaag die berekende invoerpariteit van witmielies met R2,24 per ton, terwyl die berekende uitvoerpariteit van witmielies met R1,68 per ton daal. Die rand het sedert 10 April 2017 tot 4 September 2017 met een rand teenoor die dollar versterk. Dit beteken dat die berekende




Grafiek 1. R/$-wisselkoers prysverloop.

uitvoerpariteit met R168 per ton gedaal het. 'n Sterker wordende rand werk dus negatief op die Suid-Afrikaanse kommoditeitspryse in.

**Internasionale kommoditeitspryse:**
Groot oordragvoorrade as gevolg van relatief gunstige groeitoestande en deurlopende genetiese vordering wat met plantteelt gemaak word oor die grootste deel van die wêreld, plaas redelike druk op die internasionale prys van byvoorbeeld mielies, koring en sojabone. Die volgende grafiek dui die seisoensprysverloop van geelmielies op die Chicago termynbeurs aan. Die grafiek dui 'n skerp daling sedert die begin van Julie 2017 aan. Van die noordelike state van die VSA het gedurende die seisoen redelike droogte ervaar. Daar is gespekuleer dat mielieproduksie drasties




Grafiek 2. Die langtermyn spotprys (in c/bu) van geelmielies oor 'n seisoen op Chicago Board of Trade teenoor die 2017/18-prys.



laer hierdie seisoen gaan wees. Dit het toe nie gerealiseer nie en die prys het heelwat laer gedaal. Die mielieprys het redelik die seisoenale tendens gevolg. Die verwagting is dat die Amerikaanse mielieprys tot Desember 2017 redelik sywaarts gaan beweeg.

**Energiepryse:**
Soos bekend, gebruik die Amerikaners ongeveer 35% van hulle totale mielieoes om etanol te produseer. Verskeie verandering in ru-olie-ontginningstegnieke het daartoe gelei dat die wêreldproduksie van ru-olie skerp toegeneem het. Aan die ander kant is die aanwending van hernubare energie, soos wind, tot 'n groot skaal uitgebrei. Wêreldoordragvoorrade van ru-olie het skerp toegeneem, wat weer op sy beurt die ru-olieprys onder druk geplaas het. Die vraag na gewasse soos mielies en sojabone vir aanwending as hernubare energie het skerp gedaal, wat kommoditeitpryse onder druk plaas. Die Brent ru-olieprys verhandel tans teen $53 per vat teenoor 'n gemiddelde prys van oor die $100 per vat vir die periode 2010 tot 2014. Gewasse soos mielies en sojabone kry tans nie veel ondersteuning van die heersende ru-olieprys nie.

## Prysdrywers in die plaaslike graan- en oliesademarkte


**Wit- en geelmielieprystendense op die Suid-Afrikaanse beurs**
Met die sewende oesskatting van die Nasionale Oesskattingskomitee (NOK) vir hierdie seisoen, is dit duidelik dat die grootste oes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gaan realiseer. Die witmielieoes is met 146,000 en geelmielies met 297,000 ton verhoog. Soos in die 2014/15 bemarkingsjaar, word die oes net groter en groter. Dit bring mee dat, volgens die berekeninge van die National Agricultural Marketing Council (NAMC), daar 'n uitvoerbare surplus van ongeveer 2,3 miljoen ton witmielies en 2,1 miljoen ton geelmielies gaan wees. Om dié rede verhandel die wit- en geelmielieprys tans in die omgewing van die berekende uitvoerpariteit.

**Stand ten opsigte van uitvoere:**
Met die skryf van die artikel was daar reeds 364,100 ton witmielies en 737,900 ton geelmielies uitgevoer. Dit is reeds die 17de week van die 2017/18 bemarkingsjaar. Daar moes al teoreties 751,900 ton witmielies uitgevoer gewees het om die uitvoerbare witmielies betyds uit die land te kry. In die geval van geelmielies moes daar reeds 686,650 ton uitgevoer gewees het. Die geelmielie-uitvoere is tans redelik op koers, maar die witmielie-uitvoere is heelwat agter. Wit- en geelmielies se opebelangposisie op die JSE is ongeveer 3,55 miljoen ton vir die maande Maart 2018 tot Julie 2018. Dit kan tot gevolg hê dat die wit- en geelmielieprys vir 'n langer as verwagte periode rondom die berekende uitvoerpariteit vlak kan beweeg.

Die volgende grafiek dui die voorraad witmielies wat by silo-eienaars en graanverwerkers geberg word aan, soos op 30 Julie 2017. Daar is ook steeds 1,22 miljoen ton witmielies gedurende Augustus by silo-eienaars en verwerkers gelewer, wat die voorraad in opberging nog verder kan opskuif. Dit is groot hoeveelheid witmielies - ver bo die 9 jaar gemiddelde voorraad wat normaalweg gestoor word.

**Koring**
Die kontant koringprys het drasties gedaal die afgelope maand. Die een rede is dat die Amerikaanse Harde Rooi Winterkoring(HRW) se prys dras-

> VERVOLG OP BLADSY 44




Grafiek 3. Die oordragvoorraad van witmielies per maand in Suid-Afrika oor bemarkingsjare (Sagis).

**September 2017**


> VERVOLG VAN BLADSY 43

ties gestyg het na aanleiding van die droogte wat in die noordelike state van die VSA geheers het. Hoe hoër die HRW koringprys, hoe laer is die berekende invoertarief wat bereken word en wat gebruik word in die berekende invoerpariteit wat gewoonlik reflekteer in die JSE koringprys. Die Amerikaanse HRW koringprys en die JSE koringprys het gelukkig gestabiliseer. Die invoertariefberekeninge moet egter fyn dopgehou word. Dit kan geraadpleeg word op Sagis se webblad.


## Oliesadekompleks:

**Sonneblom en sojabone:**
Na aanleiding van die sewende oesskatting van die NOK, bereken die NAMC dat die berekende oordragvoorraad van sonneblom oor die 192,000 ton vir die bemarkingsjaar kan wees. Die sonneblomoesskatting is aansienlik hoër aangepas. Die sonneblomprys wat tans realiseer op die JSE is laer as die berekende afgeleide invoerpariteit. Relatief groot oordragvoorrade en verwagte uitbreiding in die oppervlakte is die hoofredes.

Die meegaande grafiek dui die seisoenale prystendens van sonneblom aan. Die NOK dui 'n verwagte oes van 870,095 ton aan en die NAMC dui 'n berekende oordragvoorraad van 142,000 ton aan. In die geval van beide sonneblom en sojabone bestaan die persepsie dat die aanplantings redelik uitgebrei gaan word die komende seisoen. Die ooraanbod van mielies en gevolglike lae prys is die hoofredes. Beide die sonneblom- en die sojaboonprys sal vanjaar waarskynlik stadiger styg na Desember as ander jare. Volgens die berekeninge van die NAMC, gaan ons eindig met 'n oordragvoorraad van 223,662 ton. Die sojaboonaanbod is hoër as die vraag en daar sal waarskynlik ongeveer 30,000 ton uitgevoer moet word. Die sojaboonprys verhandel tans ook laer as die berekende uitvoerpariteit. Die verwagting is dat die seisoenale tendens gevolg gaan word. Ook in die geval van oliesade moet die produsent in voeling bly met sy graanbemarkingsadviseur.




Grafiek 4. Amerikaanse Harde Rooi Winter en Safex-kontantkoringprys.




Grafiek 5. Die langtermyn seisoensprysverloop van die sonneblom (Spotprys) op Safex.

### OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING

Die huidige prysvlak van al die somergewasse is tans steeds onder groot druk. Die someroes word met elke NOK-skatting groter, veral ten opsigte van die mieliesituasie. Ons hoop en vertrou dat veral mielie-uitvoere op dreef sal kom, sodat die oordragvoorraad kan daal en pryse kan herstel. Dit is veral ten opsigte van witmielies waar daar gesukkel word om buitelandse markte te skep. Witmielies is nie 'n gewilde dierevoer in die buiteland nie en die plaaslike witmielieverbruik is baie onelasties. Dit beteken dat 'n goedkoper witmieliemeelprys nie noodwendig aanleiding gee tot 'n drasties verhoogde menslike verbruik nie.

Alhoewel daar op hierdie stadium nie wonderwerke bewerkstellig kan word met bemarking nie, moet die produsent in voeling bly met sy graanbemarkingsadviseur. Planne kan bedink word om die lae prys tot die beste van die produsent se vermoë uit te bestuur.



WITH ROLL-OVER SUPER SAFE TECHNOLOGY

# PUSHING THE BOUNDARIES

When it comes to pushing the boundaries, Willard Batteries leads the way. Whether it's the latest Willard Super-Safe range with roll-over technology or batteries for high performance, off-road, agricultural and everyday vehicles, Willard Batteries caters to your every need.

Now with a 25 month warranty, Willard Batteries offer a variety of options to choose from and will redefine the way you experience batteries forever.

Willard Batteries. The power of technology.

www.willard.co.za




STOP START MOTION

25 MONTH WARRANTY


SPECIALIST RANGE

Willard Batteries THE POWER OF TECHNOLOGY

# Wat word voorspel vir die komende seisoen?

THYS GROBBELAAR
SENIOR GRAANANALIS, SENWES GRAINLINK

Artikel geskryf 5 September 2017




Vroeg-Aug CPC/IRI amptelike waarskynlikheids ENSO-voorspelling.


## REËNVALVERLOOP VIR DIE SEISOEN TOT DUSVER

Soos bekend, begin die somerreënvalseisoen op 1 Julie jaarliks. Die gemiddelde reënval vir Julie vir die tradisionele Senwes-gebied is 4,0 mm en 9,9 mm vir Augustus. Hierdie seisoen het ons 1,9 mm vir Julie ontvang en 0 mm vir Augustus. Vir September word daar nie veel reën vir die tradisionele gebied voorspel nie. September se gemiddelde reënval vir die tradisionele Senwes-gebied is maar 15,4 mm. Dit is egter slegte nuus vir die droëlandkoring wat geplant is. Dit kan na verwagting dus weer 'n somerseisoen wees wat weer later as normaal begin. Soos ons weet, hang die somerseisoen se sukses grootliks daarvan af of ons betyds kon plant en van die reënvalverspreiding van Januarie en Februarie.

## DIE STAND VAN DIE INDIKATORE VIR DIE RES VAN DIE 2016/2017 SEISOEN

Die International Research Institute for Climate and Society van die Columbia University doen reeds lank intensiewe navorsing oor die El Niño/La Niña-verskynsel. Bostaande grafiek dui die verwagting vir die komende seisoen aan. Volgens hulle voorspelling is die kanse vir 'n El Niño-tipe seisoen laer as 20%. Die kanse is die grootste vir 'n neutrale tipe seisoen. 'n Neutrale tipe seisoen is meer geneig om aanleiding te gee tot bo-gemiddelde opbrengste in Suid-Afrika. Een van die voorlopers tot 'n El Niño/La Niña-tipe seisoen is die ENSO-indeks, wat gebaseer is op die windrigting tussen Darwin in Australië en Tahiti in die Stille Oseaan. Tans is die indeks positief, wat as sulks op 'n waarskynlike neutrale na La Niña-tipe seisoen dui.


Die volgende grafiek dui die afwyking van elke tipe seisoen op die 5-jaar lopende gemiddelde opbrengs vir die tradisionele Senwes-gebied aan. Die seisoene word ook in kleur aangedui as El Niño, neutraal en La Niña. Die neutrale seisoene realiseer normaalweg gemiddelde tot bo-gemiddelde opbrengste. Een van die uitsonderings was egter die 2014/15 seisoen, waar daar 'n onder-gemiddelde opbrengs gerealiseer het. Die hoofrede was dat die gebrek aan reën gedurende Februarie, in veral die westelike distrikte.




Westelike produksiegebied: El Niño/La Niña-episodes: Afwyking van die 5 jaar lopende gemiddelde opbrengs.

**VERWAGTE REËNVAL VIR DIE PERIODE SEPTEMBER 2017 TOT JANUARIE 2018** (SUID-AFRIKAANSE WEERDIENS)

Die Weerburo het teen die einde van Augustus 2017 die seisoensverwagting gepubliseer. Die kaarte word hierna verskaf. Die Weerburo voorspel ondergemiddelde reënval vir die voorjaar, dit wil sê vir September tot einde Oktober 2017. Vir die periode November tot einde Januarie 2018 voorspel die Weerburo 'n goeie kans vir reën oor die sentrale somerreënvalgebied van Suid-Afrika. Dit is veral die periode waartydens die somerseisoen se oes gemaak of gebreek word. Alhoewel die kaarte nie voorsien word nie, voorspel die Weerburo nie wesenlik hoër temperature vir die midsomerseisoen nie. Dit as sulks gee mens redelike moed vir die komende seisoen. Vir die voorseisoen, dit wil sê vir die periode September tot middel November, word wel bo-gemiddelde temperature voorspel. Dit is gelukkig voor die reproduktiewe stadium van die somergewasse en behoort gewasprestasie nie wesenlik onderdruk te word nie.




**OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING**

Met die draai van die afgelope seisoen, is gerugte die wêreld ingestuur dat ons weer 'n El Niño-tipe seisoen kan verwag, wat gewoonlik tot sub-optimale en soms katastrofiese gewasprestasie aanleiding gee. Ons was redelik in sak en as. Die belangrikste weervoorspellingsdienste het egter hul voorspelling intussen verander en word daar 'n neutrale tipe seisoen voorspel. Dié tipe seisoen gee gewoonlik aanleiding tot gemiddelde tot bo-gemiddelde gewasprestasie. 'n Somer wat later kan begin, met hoër as normale temperature, word voorspel. Daarna behoort dit 'n redelike gunstige verloop van sake te wees. Ons vertrou dat dit so sal wees.

# KHS besoek Senwes

## Landbou is 'sexy' vir skoliere



KHS'ers by Senwes! Agter is Gideon Nieuwoudt, Marco Barnard, Leander Wiese, Divan Naude, Enrique Oche, Rossow Karsten en Hennie Knox. Voor is Lizé Pretorius, Alexis Bredenhann, Caitlin Cooper, Cherie Potgieter, Kayla Strydom, Bianca Jansen en Sharandi Koortzen (onderwyseres).

Graad 10 leerlinge van KHS Landbou het Senwes Hoofkantoor in Juliemaand besoek.

Die 14 leerlinge, onder leiding van hul Landbouwetenskap-onderwyser, Sharandi Koortzen, het 'n inligtingsessie bygewoon waar 'n aantal Senwesters hulle toegespreek het. Dit het ingesluit Philip Meyer (Landbou-ekonoom), Gerrit Oosthuizen (Senior Agronoom), Julias Ramohlabi (Bestuurder: Opkomende Produsente), Martin van Zyl (Groep Uitvoerende Bestuurder: Innovasie en Geïntegreerde Oplossings), Yolandie Jansen van Vuuren (Groephoof: Menslike Hulpbronne) asook Ronel Koen (Senior GIS-tegnoloog) en Anelda Swanepoel (GIS-spesialis). Hulle is ook deur Petri Swart van Menslike Hulpbronne op 'n begeleide toer deur Senwes Hoofkantoor geneem.

Die hoofboodskap was dat die landboubedryf "sexy" is en dat daar talle werksgeleenthede vir hulle in hierdie sektor wag. Koortzen het tydens die besoek gesê dat hulle dit geniet het en dat die leerlinge dit baie insiggewend gevind het - die studente kon hier die teorie in praktyk sien.

Sy het ook genoem dat KHS in totaal 27 landboustudente in graad 10 het, 32 in graad 11 asook 32 graad 12's wat deur Lizelle Bruwer onderrig word. S




**Witmielies**

*Nuwe kultivars*

DKC75-65BR

*Bestaande kultivars*

DKC63-53
DKC76-61B
DKC76-67BR
DKC77-85B GEN
DKC77-77BR
CRN3505
DKC78-17B
DKC78-35R
DKC78-45BR GEN
DKC78-27
DKC78-87B
DKC78-83R
DKC78-79BR

DEKALB® PLANT JOU SUKSES

... saam vorm julle 'n vennootskap van kennis wat sal sorg vir die regte kultivarkeuse wat aan jou behoeftes sal voldoen. Met **DEKALB®** as deel van jou boerdery is dit maklik om trots te voel op dit wat jy doen. Boonop weet jy dat Monsanto deurentyd dáár is vir jou. Ons doen voortdurend navorsing om ons reeds uitstekende **DEKALB®**-kultivars te verbeter sodat ons mieliebasters ooreenkomstig jou behoeftes kan lewer. Ons tegnologie en navorsing, gerugsteun deur professionele diens en advies, dra by tot jou volgehoue sukses. Só oortref ons jou verwagtinge keer op keer.




uppe marketing A16867/SS

Kontak ons gerus by: **011 790-8200** of **customercare.sa@monsanto.com**

**www.monsanto.com**
**www.facebook.com/MonsantoCo**
**www.twitter.com/MonsantoCo**

**DEKALB®** en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

# Jagseisoen is verby... tot volgende jaar



JAN-LODEWYK SERFONTEIN

EN SO, IN 'N OOGWINK, IS 2017 SE JAGSEISOEN OOK IETS VAN DIE VERLEDE. WAAR EN WAT HET JY ORAL GEJAG DIE JAAR EN HOE HET JOU JAG VERLOOP? JOU BOKKE, JOU SKOTE, DIE STORIES OM DIE VUUR EN AL DIE LEKKER HERINNERINGE! WAT MAAK DAT ONS JAAR NA JAAR WEER TERUG JAGVELD TOE WIL GAAN?

Meeste jagters se rede om volgende jaar weer terug jagveld toe te gaan, verskil van mekaar. Almal het nie ewe suksesvolle jare agter die rug nie. Jou jagseisoen kon een groot suksesverhaal gewees het. Maar jy kon dalk geweerprobleme in die veld ervaar het.

Dalk het jy geleer dat jou kaliberkeuse nie geskik was vir die terrein waar jy gaan jag het nie. Dalk het die koeël waarmee jy gejag het, nie vir jou die gewenste uitwerking gegee nie. Heel moontlik het die trofee wat jy elke jaar soek, jou weereens ontduik. En daarom gaan jy volgende jaar terug om weer te probeer.

Die jaar het ek my jag in die bosveld naby Swartwater afgesluit. Na die jaar se goeie reënval was die gras lank en die bos baie ruig. Dit was van die begin af duidelik dat ons nabyskote sal skiet en ook nie maklike skote sal skiet nie. Staanposisie sal die aangewese posisie wees en dalk met gras en bosse in die pad. Daarom het ons op 70m ingeskiet, en ook uit die staanposisie ingeskiet om seker te maak ons is gemaklik met die posisie en die afstand.

Die eerste bok wat ek 'n skoot op kon skiet, was laat middag na 'n lang dag se stap. Al wat ek op 60m kon sien van die rooibok was sy kop. En ook net as hy sy kop optel om te herkou, so tussen die gras, takke en blare deur. Nadat ek my posisie ingeneem het op die skietstokke, was ek seker van my skoot op die kort afstand. Ek skiet met die regte kaliber vir die bosveld, my posisie is gemakilk vir my en my geweer in ingestel op die kort afstand. Nou moet ek net die skoot reg laat afgaan.

Volgende jaar sal ek weer terug gaan bosveld toe. Maar volgende jaar wil ek my toerusting verander en gaan toets. Ek wil gaan toets of my toerusting beter kan werk as wat dit die jaar gedoen het. Hopelik kan ek weer 'n rooibok op 60m raakloop. En hopelik sal die geleentheid weer daar wees vir 'n kopskoot. Maar volgende jaar wil ek met 'n ander kaliber in die veld wees. Ek wil 'n ander koeël in my geweer hê, en ek wil sien of die ander koeël nie die werk beter kan doen as die een wat ek die jaar gebruik het nie.

My beplanning vir volgende jaar se jag het reeds begin. Waar ek volgende jaar wil gaan jag en wat ek graag wil jag. My kaliber en koeël wat ek volgende jaar mee wil jag, moet op besluit word en uitgetoets word. Voor ek bosveld toe gaan moet ek seker maak dat my beplande verandering 'n verbetering is.

Maar wat maak dat ek volgende jaar weer my gewere sal afstof en my messe begin slyp? My toerusting gaan toets in die veld en kyk of die vervaardigers se bemarking wel korrek is? Sekerlik is jou gunsteling geweer en jou skoot wat jy gaan skiet deel van jou rede. Maar die volgende paar ervarings is die rede hoekom die veld vir my lekker is en ek jaar na jaar terugkeer.

'n Vuur onder maanlig en sterre is 'n gevoel wat jy nie in woorde kan omsit nie. Om deur die aand wakker te word van die jakkals se getjank en die sterre te sien is meer as net iets wat jy sien en hoor. 'n Oggendkoffie vanaf die vuur, roosterkoek en vars lewer op die kole. En om by 'n bok te sit, stil te word en te besef dat jy die mag gegee is om oor lewe en dood te besluit. Hierdie oomblikke kan jy nie verwoord nie. Jy kan dit net ervaar. En daarom sal ek volgende jaar weer terug wees in die jagveld.



# Build Back Better

JENNY MATHEWS

GEORGE WASHINGTON WAS FIRST AND FOREMOST A FARMER SAYING, "AGRICULTURE IS THE MOST HEALTHFUL, MOST USEFUL AND MOST NOBLE EMPLOYMENT OF MEN... I'D RATHER BE ON MY FARM THAN EMPEROR OF THE WORLD!"

## DO WHAT YOU DO WELL

At the outset of Washington's post-military career he was driven to be a great tobacco farmer and later he also cultivated wheat. He read widely, implementing new methods like modern fertilisation and crop rotation. He also had a reputation for precise record keeping. At first his lobbying efforts were channelled to benefit his own interests, but once he found himself with increasing influence, he made it his life's work to improve agriculture beyond his personal agenda. Washington believed that healthy agriculture and rural communities were critical to national welfare. He saw the establishment of agricultural colleges, funding of agricultural research programmes and support for agricultural extension services to empower farmers. This is the badge of true leadership: when one can transcend one's own small world, see the bigger picture and pursue issues for the greater good.

The longer you look back the farther forward you are likely to see – Winston Churchill

Washington's philosophy for agriculture still rings true today. Closer to home older farmers will be familiar with similar policies pre-1994. This has changed and the post-1994 era has seen funding focused into the developing sector. Off the cuff I can think of a number of changes which have depressed our sector and reflect a shift of political will away from the agricultural sector:

- Once proud agricultural colleges, having produced competent farmers for decades, are now reduced to shadows of their former selves, facing one crisis after the next as a result of underfunding;
- Funding once channelled into our respected research and development centres has reduced;
- The extension services of highly regarded experts in every sub-sector in this country have undergone a complete transformation and that expertise has long moved to 'greener pastures'.

We can't turn back the clock. For obvious reasons we shouldn't want to! We only look back to inform our vision for the future - remembering that 'change is hard at first, messy in the middle and glorious at the end'!

## IT'S TIME TO DIG DEEP

After winning the US Open semi-final match recently, Kevin Anderson admitted that losing the first set due to too many unforced errors forced him to dig really





deep to get back into the game. Looking back on what has been lost is not intended to make us negative but rather to exhort us to find courage to build back better. I love these words from a volunteer fireman: '*My courage does not roar... It whispers in my heart. It makes me dig deep and find it in my soul to fight on.*'

As a result of political transformation, South Africa's agricultural sector has had to dig deep and become less reliant on government support. It has been forced to look for new inspiration and leadership and to turn to the private sector and non-government organisations for support and solutions – and farmers have had to become determined, resilient and creative.

### DON'T LOOK BACK... YOU'RE NOT GOING THAT WAY!

If we want the sector to thrive and not just survive, it is up to us. We need to step up and face our challenges – and we all need to make a contribution. We need to understand drivers of change at national and international level … and we need to innovate!

We could learn from **"Google's 9 principles for Innovation"** which have helped them thrive:

❶ **Innovation comes from anywhere.** It's everyone's responsibility. The health of our sector requires our contribution.

❷ **Focus on the user.** If we focus on the consumer then we must be excited. The growing population needs good farmers and stable agriculture!

❸ **Think 10x, not 10%.** Be prepared to make revolutionary changes not only evolutionary ones. Although our challenges may seem huge we need to start somewhere - and be prepared to change.

❹ **Bet on technical insights.** As agriculturalists we have unique insights and opportunities which can contribute towards sectoral development.

❺ **Ship and iterate.** Just get started, launch your product or idea, learn and improve as you go along, don't be paralysed while waiting for perfection.

❻ **Twenty percent time.** Easy enough! Everyone should spend 20% time doing what they are passionate about. This stimulates creative thinking and we will build a better community.

❼ **Default to OPEN.** This approach embraces sharing of information. Google taps into ideas from the public saying, "There are 7 billion people 'out there'... the smartest people will always be outside Google!" Best results are achieved when a community builds together.

❽ **Fail well!** There is nothing wrong with failing, it's wrong not to try. Fail frequently, fail fast and fail forward!

❾ **Have a mission that matters.** Our work must impact people in a positive way... it does! "If you spend yourselves on behalf of the hungry and satisfy the needs of the oppressed, then your light will rise in the darkness, and your night will become like the noonday" - Isaiah 58:10.

### DON'T HIDE YOUR LIGHT UNDER A BUSHEL

Theo Vorster, CEO Galileo Capital, believes South African farmers are among the best in the world, despite a hostile environment. Farmer Charl Senekal said in 'Nation in Conversation" that the goodwill of commercial farmers is underestimated. He agrees with Washington that "Farming is the most important career that anyone can follow. We must feed the nation. We must produce affordable, quality food for this nation. Farming gives back to people and puts what it takes back into resources and protecting them."


When we network and tap into our agri-organisations we learn from top academics like Prof. Mohammad Karaan who champions agriculture saying it must form an important part of the economic future of South Africa. Absa's Agricultural Outlook 2017 highlights that new technologies create opportunities for agriculture to recapture consumers' business through direct dealing and African trends like urbanisation, income growth and informed consumers all support agricultural investment.

These truths should all re-fuel our enthusiasm for our sector. Challenges exist. We have to work to convince others to value our sector. We need to gain recognition for the positive contributions we make and improve on the weaknesses. We have much to offer. We must not grow weary. We must commit ourselves to build back better… because it is the right thing to do.

# Fair procedures to follow before you can dismiss an employee

IN TODAY'S COMPETITIVE ENVIRONMENT IT IS TOO EXPENSIVE TO HAVE EMPLOYEES WHOSE PERFORMANCE ISN'T UP TO STANDARD. POOR WORK PERFORMANCE CAN BE VERY COSTLY TO YOUR BUSINESS, NOT JUST BECAUSE OF THE MISTAKES MADE, BUT BECAUSE DEALING WITH THEM TAKES UP A LOT OF YOUR VALUABLE MANAGEMENT TIME.

Managers must understand that poor performance that is not addressed quickly is in reality seen by the employee as being condoned by the manager. The general rule is that people respect what you 'inspect', not what you expect! Consequently, they pay attention to what you pay attention to. So, if the behaviour you're getting is not what you expect, act on it now. The duty to perform means that employees have an obligation to perform diligently and to the best of their ability in respect of the work the employer has delegated to them.



In terms of the South African Labour Relations Act, Poor Work Performance falls under the broad heading of Incapacity. Poor work performance or failure by the employee to reach and maintain the employer's work performance standards in terms of quantity and quality of output is an ever increasing problem.

It is implicit in all employment contracts that the employee undertakes to perform according to the reasonable, lawful and attainable work performance standards set by the employer. Should the employee fail in this duty, then he is said to be "incapable" and the employer has the right to dismiss after following a fair procedure and ensuring that the dismissal is for a fair reason. It is, however, important to keep in mind that in modern employment law, disciplinary sanctions are regarded as corrective rather than punitive.

## A FAIR PROCEDURE ENCOMPASSES:

1. Establishing that the problem is poor performance and not misconduct
2. Identifying the causes of the poor performance
3. Meeting with the employee and his line manager to establish the causes of the poor performance
4. In particular, obtain the employee's reasons for the poor performance
5. Evaluate the employee's reasons for the poor performance
6. Obtain commitment from the employee regarding the action he will take to rectify the problem
7. Inform the employee of the action the employer will take to assist in that process
8. Agree on a reasonable time period for improvement
9. Follow up and monitor the progress.

If there's one thing you should remember about how to manage poor performing employees, it's that it should not be the big deal that we so often make of it. If you address inappropriate behaviour when it first appears, you will start viewing it not as a burden, but as an opportunity to coach, develop and grow.

## REFERENCES


- http://labourlawhandbook.co.za
- http://labourguide.co.za
- http://www.fortunegroup.com.au
- The philosophy of discipline in the workplace – Dr. C. Maritz & Bernard Myburgh



# Hoe praat jy?

**LEES:** Spreuke 15

DS. WILLIE BOTHA

EEN VAN DIE EIENSKAPPE WAT MENSWEES UNIEK MAAK, IS DAT ONS KAN PRAAT. DAT ONS NIE NET WOORDE VIR VERSKILLENDE BETEKENISSE GEBRUIK NIE, MAAR DAT DIE WYSE WAAROP ONS DIE WOORDE SÊ, OP SIGSELF VAN WAARDE IS. INTONASIE EN VERAL LIGGAAMSHOUDING, STAAN NIE LOS VAN DIE KOMMUNIKASIEPROSES NIE. OOK IN DIE BYBEL WORD BAIE KLEM GEPLAAS OP WAT ONS SÊ, EN HOE ONS SÊ.

Spreuke 15 het nogal iets oor ons praatgewoontes te sê: Reeds in die eerste vers word 'n belangrike stelling gemaak. "'n Sagte antwoord laat die woede bedaar; 'n krenkende woord laat woede ontvlam." Die waarheid van hierdie stelling sal elkeen met lewenservaring kan beaam. Hoe dikwels bevind ons onsself nie in 'n konfliksituasie waar woorde roekeloos rondgeslinger word nie. Die gevolg daarvan is dat ons dikwels agterna verskoning vir ons optrede moet vra. Tog kry mens diegene wat oor die sonderlinge vermoë beskik om kalm en in beheer van hulle emosies te bly. Hierdie persone kry reg wat Einstein by geleentheid na verwys het - dat om 'n probleem op te los moet die oplossing op 'n hoër vlak plaasvind as wat die konflik in die eerste instansie ontstaan het. Om kwetsend in die hitte van die stryd te praat, het waarskynlik tot gevolg dat ons nie goed luister nie, en ons dikwels ons eie selfsugtige behoeftes eerste wil stel. Ons wil ons uitdruk ten koste daarvan om inligting in te neem. Konflik kan 'n geleentheid wees om die verhouding te laat groei, maar min dinge kan meer destruktief wees as swak hanteerde konflik. Sagpraat is nie 'n teken van swakheid in konflik nie, maar iemand wat beheer oor sy of haar kommunikasie kan uitoefen.

Net 'n bietjie verder in vers 4 word dieselfde gedagte verder gevoer: "Kalmerende woorde bring lewe, skynheilige woorde breek mense." Dit is insiggewend hoe die Bybel vir Almal dit vertaal: "Wanneer iemand praat om dit beter te laat gaan, dan laat hy mense lewe, maar wanneer hy dinge sê wat vals is, dan maak hy mense moedeloos." Ons kan praat om dit beter te laat gaan. Agter hierdie stelling van die Spreukedigter hoor ons 'n ander ingesteldheid. Die agenda van hierdie persoon is om op te hef. Om te kalmeer, en die situasie te ontlont. Daarteenoor is iemand wat skynheilig is, vals, en hy maak mense moedeloos.

Dalk word hoe ons praat die beste beklemtoon deur vers 2. "Wanneer wyse mense praat, dan leer 'n mens, en dit is lekker. Maar wanneer dwase praat, dan sê hulle net dom dinge." In die denke van die digter stel jy jouself bekend deur die wyse waarop jy praat. Uiteindelik gaan gesprek oor wat jy sê en hoe jy sê, en wat jy nie sê nie, en hoe jy sê wat jy nie sê nie. Daaruit maak ander mense, reg of verkeerd, die afleiding of ons wys of dwaas is.








# K-Rain
## bevorder effektiewe waterverbruik

K-rain is een van die voorste vervaardigers van geoutomatiseerde tuinbesproeiing-stelsels in die wêreld. Die volledige reeks sproeiers, beheermeganismes en kleppe vir die residensiële en kommersiële besproeingsmarkte is nou beskikbaar.

K-Rain se gevorderde ontwerp- en vervaardigingspan het seker gemaak dat K-Rain produkte die maklikste is om te installeer, op te stel en te gebruik. Dit word gerugsteun deur meer as 100 patente en meer as 40 jaar se bedryfsondervinding.

Daarbenewens word K-Rain produkte ook gerugsteun deur die sterkste waarborgprogram in die besigheid, wat die nodige vertroue skep onder verspreiders en kontrakteurs wanneer hulle K-Rain produkte installeer.

K-Rain het oor die afgelope 10 jaar beduidende vordering gemaak in die ontwikkeling van produkte wat effektiewe waterverbruik bevorder. As 'n aktiewe EPA Water Sense vennoot, is hulle toewyding tot die vervaardiging van hoë-prestasie, lae-waterverbruik en ekonomiese residensiële en kommersiële besproeiingsprodukte noodsaaklik as teenvoeter teen die uitdagings met betrekking tot globale watertekorte.

K-Rain moedig die herbenutting van materiale terug na die markplek of natuur aan en ons evalueer deurlopend ons vervaardigingsprosesse om K-Rain se omgewingsimpak te verminder.



K-Rain sal teen Desember by Hinterlandtakke beskikbaar wees. Klante kan hul naaste Hinterlandtak vir meer inligting skakel.



***RPS 75i met Intelligent Flow Tegnologie***
***Die RPS 75i rotor is 'n nuwe toevoeging tot K-Rain se reeks rotors en is ontwerp vir residensiële en ligte kommersiële toepassings. Met die RPS 75I, word watervloei proporsioneel met die druk van 'n knoppie van die gepatenteerde Flow Shut-Off beheer - tot 50%. Die RPS 75i verseker egalige waterspreiding, voorkom droë kolle en verskaf beter soneprestasie, terwyl dit water bespaar.***



# Skep 'n somerlushof

« CARL KIRSTEIN

Dit is nou amptelik lentetyd en ons tuiniers het nog 'n hele paar take om af te handel om ons tuine perfek voor te berei vir 'n somerlushof.

Hier volg die belangrikste voorbereidings:
- Bereiding van nuwe beddings.
- Snoei van bome, struike, ensovoorts.
- Uitdunning van plante soos grasse, agapanthus en clivias om dit te vermeerder.
- Algehele bemesting wat gedoen moet word (verkieslik organies).
- Die skoonmaak van visdamme en waterfokuspunte.
- Grasperke moet kort gesny word, belug word en 'n lagie "top-dressing" is noodsaaklik vir 'n eweredige grasperk. Bemes met 'n grasperkkunsmis soos LAN of selfs bees-, skaap- of hoendermis. Dit moet egter nie te dik aangewend word nie omdat die gras kan brand. Onthou om diep te water na bemesting.
- Saai die saadjies vir blomme en groente nou.
- Moet asseblief nie saailinge dieper plant as wat hul grondvlak nou is nie aangesien dit fungusse sal veroorsaak en die plantjies sal vrek.
- Na beplanting, sit 'n deklaag van kompos tussen plante. Erdwurm- of "mushroom" kompos werk baie goed, asook basstukkies.

Ek het die voorreg gehad om 'n grondontleder wat nou in "hydroponics" spesialiseer, in Klerksdorp te ontmoet. Dit is baie goeie nuus vir ons wat kleiner tuine het en water wil bespaar. Dit behels 'n stelsel wat spesifiek vir jou omstandighede ontwerp word. Die voordeel is dat ons ook slaaigoedjies kan pluk en kan gebruik sonder om sand op dit te hê. Die hele stelsel het 'n "stil" pomp en kan naby jou huis gebruik word. Indien u nuuskierig is, kan u na voorbeelde by kwekerye gaan kyk. Ek was verstom oor die drag van die plantjies en hoe min water dit gebruik. Doen uself 'n guns en gaan kyk na die toekoms van oordeelkundige tuinboukunde.

Hou dit groen en organies!







FOTO: LEEF

# Twyfelmense kan die wêreld verander

MILANIE VOSLOO

ONS ALMAL GAAN DEUR TYE VAN STERK GELOOF EN VERTROUE, NET OM WEER DAARNA TE BELEEF HOE TWYFEL DIE OORHAND IN ONS KRY. TYE WANNEER ONS WONDER OF GOD HOOR, OF HY REGTIG VERSTAAN WAT IN MÝ LEWE GEBEUR EN OF HY ENIGSINS NOG BELANGSTEL OM DEEL TE WEES VAN MY LEWE.

As jy so ’n twyfelmens is, is jy nie alleen nie. Toe die Here Gideon (Rigters 6) gaan roep het om die volk te bevry, was hy juis op die vloer van ’n parskuip besig om koring uit te slaan omdat hy bang was vir die Midianiete. Wanneer die Engel van die Here daar met hom kom praat, glo hy ook nie dadelik nie. Hy vra ’n teken om seker te maak dis darem nou régtig God wat hier praat. Selfs nadat God ’n wonderwerk laat gebeur, twyfel hy steeds. Hy vra weer: “As dit regtig so is soos U gesê het... wys dit tog vir my. Ek sal vannag ’n stuk wol op die dorsvloer los. As daar dou op die wol kom, maar die grond rondom bly droog, sal ek weet U wil my gebruik...” God laat dit so gebeur, maar wéér vra Gideon: “Moenie ongeduldig met my word nie. Kan ek nog net een keer vra. Laat die wol die keer droog wees, terwyl die grond rondom vol dou is.” En ons weet mos: God het dit ook daardie nag so laat gebeur. Die res van die verhaal vertel hoe God deur een mens wat twyfel, maar tóg doen wat God vra, sy volk deur wonderwerke bevry.

God werk nie noodwendig net met die dapperes en rotsvaste gelowiges nie. Hy werk met en deur my en jou: Mense wat swak voel, maar tog doen. Gelowiges wat soms ook wonder, maar tog bly vertrou. Leiers wat ook maar bang is, maar saam met God die stryd aandurf, die regte pad loop, die waarheid leef... en so ’n verskil maak aan die wêreld.

God is ’n God van twyfelmense. Juis omdat Sy krag dan deur hulle kan werk. Omdat Hy dan kan wys dat Hy – sonder wapentuig – mense kan verander. Van die wêreld ’n beter plek kan maak.

*Here, ek sit ook dikwels my velletjies uit omdat ek twyfel. Dankie dat U dan nie met my ongeduldig raak nie, maar my keer op keer wys dat U God is. My God, ons God, Suid-Afrika se Vader wil wees.*

## Wen




**HOOP WAT KAALVOET LOOP**

Soms druk die lewe... soos ’n paar ongemaklike skoene aan die einde van ’n lang dag. Dis dán wanneer jy kan tuiskom by God; wanneer jy jou hart se skoene kan uitskop en jou gestroopte menswees met Hom kan deel. En dis in daardie veilige ruimte by Hom waar jy sal ervaar hoe Hy die donker in jou verdryf en aan jou nuwe hoop gee.

*Hoop wat kaalvoet loop* se 101 dagstukkies is propvol hoop en inspirasie. Milanie Vosloo wys jou hoe jy – ten spyte van baie dinge – kan bly dans oor die lewe en bly hoop. Hoe jy – ondanks alles – kan blý vertrou omdat jy ’n Vader het wat jou stewig vashou. Wat jou met arms vol genadeseën wil toevou.

Die oordenkings in dié dagboek is geneem uit Milanie se topverkoper-boeke *Sielskos vir die vrou wat lééf!* en *Laat Sy liefde jou lei*. Die dagboek word afgerond met teksverse vir spesifieke behoeftes en plek vir notas agterin.

Die boek is in Augustus 2016 uitgereik en is teen R179.95 op die rakke. Milanie Vosloo is ’n topverkoper-outeur wat deur haar boeke al duisende vroue se lewens verander het. Met haar eerlike manier kry sy dit reg om die hart en siel van haar lesers te raak, hulle te inspireer en aan hulle hoop te bring. Jy sal vind dat Milanie se woorde jou hart raak omdat sy met opregtheid en wysheid haar lewensondervinding as suksesvolle sakevrou, skrywer, ma en vriendin met jou deel.

**Wen met Senwes en Cum Uitgewers. Een gelukkige leser kan ’n kopie van *Hoop wat kaalvoet loop*, 101 dagstukke vol hoop en inspirasie wat jou siel sal verkwik, wen. SMS Senwes, Cum, jou naam, telefoonnommer en e-posadres na 31022 voor 30 November 2017.**

*Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisiereëls, besoek die webtuiste www.senwes.co.za.*

# FXR 17-360

**VEILIGSTE LEWENDEHAWE TROK**

**DEMONSTRASIE MODELLE**

HANDRAT | LYS PRYS
**R1 028 098**
SPESIALE AANBOD
**R855 248**

*Bees bak ingesluit*



# NPR 400

**KARKAS HANGERS**

HANDRAT | LYS PRYS
**R630 178**
SPESIALE AANBOD
**R517 482**

**KARKAS HANGERS DEMONSTRASIE MODELLE**

AMT | LYS PRYS
**R783 716**
SPESIALE AANBOD
**R560 612**

*Bak ingesluit*



# NPR 400

**KOELKAS EENHEDE**

HANDRAT | LYS PRYS
**R591 985**
SPESIALE AANBOD
**R510 225**

**KOELKAS DEMONSTRASIE MODELLE**

AMT | LYS PRYS
**R607 285**
SPESIALE AANBOD
**R531 446**

# NPR 400

**VALKANTE**

LYS PRYS
**R428 300**
SPECIAL AANBOD
**R340 000**

*Bak ingesluit*



## IMPERIAL ISUZU

**... jou No.1 keuse trok handelaar**

IMPERIAL™
TRUCK CENTRE
0 8 7 1 3 5 2 0 6 9
NASIONAAL

Free State & Eastern Cape: 087 135 0426
Free State & Eastern Cape: 051 011 1420
Northern Cape & Western Cape: 087 135 2686
North West & Mpumalanga: 087 135 2687
Gauteng & KZN: 087 135 2069
Limpopo: 087 135 2685

ISUZU TRUCKS

Koelkas, Karkas hangers, paneelwaens en insleepvoertuie in vorraad. Bakwerk pryse op aanvraag. 2.5 - 14 ton eenhede beskikbaar.
Pryse uitsluitend van BTW. Terme en Voorwaardes geld. Beperkte voorraad.






*Terms and conditions apply (available at www.deere.co.za).

John Deere Financial is supported by Absa, an authorised financial services provider and registered credit provider. Reg No NCRCP7.

JOHN DEERE FINANCIAL

Supported by ABSA

Join John Deere on Facebook
Follow John Deere on Twitter
Watch John Deere on YouTube

www.deere.co.za
Africa@johndeere.com
Customer Care: 0800 983 821

BigDoor22937_ss